



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Steeds: Christelike onderwysing

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆⇨ Christelike opvoeding,
- ◆⇨ Christelike onderwys en
- ◆⇨ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God in-gegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot tereg-wysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Spreeke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Johannes 4:23 & 24:

Maar daar kom 'n uur, en dit is nou – Ds Pierre Simond, 1699

“UITGESPROKEN AAN DE KAAP DE GOEDE HOOP” OP SONDAG 25 JANUARIE 1699
 HERHAAL TE AMSTERDAM OP 17 OKTOBER 1706
 DIE WARE AANBIDDING EN DIE WARE AANBIDDERS OF
 LEERREDE OOR JOH. 4: 23 & 24
 “Maar daar kom 'n uur, en dit is nou”

“Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader soek ook sulke mense wat Hom aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.”

Dit is nie sonder rede, broers, dat hoewel die eerste drie evangeliste: Mattheüs, Markus en Lukas die ontmoeting van die Here Jesus met die Samaritaanse vrou en sy gesprek met haar nie vermeld het nie, Johannes, wat sy Evangelie later geskryf het, uitvoerig daarvan melding maak het. Ons vind in hierdie gedeelte van die Evangelie soveel onderrig en al hierdie verskillende lesse is van soveel nut en heil dat dit nie sonder skade van die Christelike Kerk weerhou kan word nie.

Maar as ons praat van die les wat die Here Jesus by hierdie geleentheid aan die Samaritaanse vrou, en deur haar persoon aan die hele Christelike kerk gegee het, met betrekking tot die aanbidding wat God van sy hernude volk verlang, dan sal ons sien, broers, dat hierdie onderrig

vir ons baie belangrik is. Dit is omdat ons God nie behaag, indien ons Hom nie aanbid en dien soos Hy aanbid en gendien wil wees nie. Ek stem saam dat die Woord van God ons op verskillende plekke daaromtrent onderrig, maar aan die anderkant moet 'n mens toegee dat daar geen ander geskiedenis of geen ander teks in die Bybel is waar die diens wat God van ons verlang so duidelik en noukeurig uitgelê, of so kragtig voorgestel word soos in die woorde wat ons so-ewe gehoor het nie. Die Samaritaanse vrou het Jesus raad gevra oor die groot stryd wat tussen die Jode en die Samaritane bestaan het, oor die plek van aanbidding op die berg Gerisim waar hulle sê dat die vaders aanbid het.

Vervolg op bl. 3

IN HIERDIE UITGAWE

Franse Hugenote.....	2
Die lewe van Calvyn.....	7
2009-kongres.....	8
Waarheen met ons kinders.....	9
Die Bybel in die skool.....	12
Christelike wetenskap tot eer van God.....	15
Wat sê die Bybel oor volkwees.....	17

Die oudste bestaande gereformeerde preek in Suid-Afrika Erediens gehou deur ds Pierre Simond – Hugenote-predikant

- Vertaal en versorg deur A.W.G. Raath

Die Katolieke Hendrik die XI^{ve} het in 1685 die godsdienste van die Franse Protestante weggehaal sodat duisende Hugenote moes vlug. Talle het hul lewens as gevangenes in donker gevangenisdeurgebring. Baie wat na Nederland gevlug het, het, toe die Kompanjie op soek was na goeie burgers om na die Kaap de Goede Hoop te stuur, in 1688 na Suid-Afrika gekom. Een van die hoofvoorwaardes vir hul koms was dat 'n predikant met hulle sou saamgaan ter wille van die behoud van die suiwerheid van hul godsdienste. Vir dié doel is ds. Pierre Simond, die waardige en besliste eerste leraar van die Gemeente Drakenstein, aangewys.

Kort na die aankoms van die Hugenote was die erediens so gereël, dat ds. Simond afwisselend sou preek, die een Sondag te Stellenbosch en die ander Sondag in Drakenstein, as guns vir die kerk "in die beste geleë en mees geskikte vryburgerwoning". Die sieketrooster, Mankadan, moes 'n Hollandse preek te Stellenbosch lees, indien die leraar te Drakenstein was, en te Drakenstein indien die leraar te Stellenbosch was.

Die Hugenote was hiermee nie tevrede nie, want hulle was van mening dat hulle met hul eie predikant 'n eie gemeente moes hê. Nou was hulle slegs 'n takgemeente of selfstandige wyk van Stellenbosch. So het dit vireers gebly. Ook het die lidmate vir 'n skool gevra, en "Dominee" Paul Roux is as "voorleser en skoolmeester in die Franse taal" aangestel.


In 1691 is ds. Pierre Simond na Drakenstein verplaas. Hy het in die voorkamer van 'n boerehuis opgetree, soms in 'n skuur. Daar is ook gesorg vir die Hollandse afdeling van die gemeente daar. Jacobus de Groot is in 1700 as sieketrooster en skoolmeester daarheen gestuur.

Eindelik vertrek Simond na Europa, en hy is deur Henricus Beck opgevolg, wat Frans geken het, maar nie in staat was om in dié taal te preek nie, ter wille daarvan om die bejaarde koloniste, wat die Hollandse taal nie geken het nie, deur besoeke, vermaninge en vertroosting te kon dien. As gevolg hiervan het die Franse taal mettertyd uitgesterf. Daarom moes die skole slegs dien om die jeug die Hollandse taal te

leer lees en skryf. Slegs Paul Roux kon nog in Frans 'n preek lees.

Dit het onder die Franse Hugenote ontevredenheid opgewek en hulle het by die owerheid gekla en versoek dat die predikant, Beck, toegelaat moes word om een keer elke veertien dae in Frans te preek. Voordat dit egter kon gebeur, is Beck as opvolger van predikant Van Loon te Stellenbosch aangestel.

Die volgende predikant van Drakenstein was F. le Bouck. Maar toe hy daar geen kerk of skool of woonplek vir die predikant of sieketrooster vind nie, het hy na Kaapstad vertrek en daar in allerlei moeilikhede beland. In 1720 is P. van Aken as predikant aangestel. 'n Nuwe kerk is te Drakenstein gebou, maar die Franse Hugenote is mettertyd in die Nederlandssprekende bevolking opgeneem.

Deur hierdie bydrae met 'Skriflig' saamgelees, huldig ons die rol van die Franse Hugenote – by name ds. Pierre Simond – se rol in ons volkslewe en die besondere bydrae wat hulle tot versterking en uitbouing van die gereformeerde leer in ons land en volkslewe gespeel het. 

Kan 2009 'n jaar wees waarin die wêreld hervorm?

2009 is 'n jaar van buitengewone belang; in historiese sin, beslis, maar meer as dit. Dit is in vele opsigte 'n gedenkjaar, waarin talle belangrike gebeure van die verlede in herinnering gebring word, omdat die uitwerking daarvan tot op hede waarneembaar is. Benewens dat daar in die gereformeerde kerklik-godsdienstige gelede momente is wat hierdie jaar herdenk word, ewe-eens so op die kulturele, maar ook die wetenskaplike terreine van Suid-Afrika se ontwikkelingsgang. Bewus van die feit dat 2009 vir andere, soos vir ons Vereniging, 'n betekenisvolle jaar is, vanweë die 500ste herdenking van Johannes Calvyn se geboortejaar, is dit gepas dat meer hieroor gesê word.

Die reformatoriese nalatenskap, waarvan hy as die grondlegger erken word, en nie die mens, Calvyn, as sodanig nie, word in hierdie jaar op vele terreine van ons volkslewe herdenk. Selfs 500 jaar na sy geboorte is hierdie nalatenskap nog nie deur navorsing en studie uitgeput nie. Dit veral ook in die lig daarvan dat opvolgende (tweedegenerasie) reformatore in dieselfde tradisie, voortgegaan het om hierdie ryke erfenis, wat maar slegs deur Calvyn blootgelê is, verder te ontgin en te ontwikkel. Die geesteserfenis waarmee ons voorsate na Suid-Afrika gekom het is dus nie slegs aan een begaafde en begenadigde mens se denkwerk te danke nie, maar binne die reformatoriese tradisie, be-

ginnende by Luther, aan elkeen wat hulle onderskeie bydraes daartoe deur die eeue heen gelewer het.

Die betekenis van die gedenkjaar en van die religieus-rigtinggewende waarde van hierdie geesteserfenis lê daarin opgesluit dat dit die grondslag van 'n lewens- en wêreldbeskoulike oortuiging daargestel het, waarop die kerk en die samelewing in Wes-Europese lande en Suid-Afrika in die eeue daarna, in diepe erkentlikheid teenoor God-Drieëinig kon voortbou, en dit aan 'n nalatenskap van reformatoriese oorsprong en herkoms. Hierdie nalatenskap, soos op die Bybel gegrondves, staan tot in ons eeu en jaar vir die

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 1

Die Jode daarenteen het volgehou dat in Jerusalem aanbid moes word en dat God daar sy Naam en sy diens gegrondves het. Jesus het haar meegedeel dat hierdie stryd onnodig word, omdat mense nie op die berg Gerisim of na Jerusalem hoef te gaan om te aanbid nie, maar dit enige plek sal kan doen. Dit wou die Here haar laat verstaan deur die antwoord wat Hy haar gegee het: "Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie." Jesus het dus die Samaritane en die Jode gelykgestel vir sover dit die plek van aanbidding betref het. Die voorkeur van een plek bo 'n ander sou opgehef word. Maar Hy wou die Samaritaanse vrou egter nie hier laat glo dat Hy hulle ook gelykgestel het, wat die aanbidding betref nie. Daarom beklemtoon Hy die groot verskil wat tussen hulle bestaan deur te sê: "Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode." Hoewel Jesus die aanbidding soos die Jode dit in die tyd gedoen het goedkeur, wil Hy hulle tog nie laat dink dat dit ook vir die toekoms reg sou wees nie. Ook nie dat sy haar slegs aan die Jode se godsdiens moes onderwerp om God te dien soos Hy gedien wil wees nie. Daarom verduidelik Hy aan haar dat die destydse soort van aanbidding van die Jode beëindig sou word om plek te maak vir 'n nuwe manier om God te dien.

Jesus het dit reeds aangedui deur vir haar te sê dat daar 'n tyd kom wanneer hulle nie op die berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie. En dat dit slegs sou kon gebeur, deurdar 'n nuwe aanbidding ingestel gaan word wat nie aan 'n besondere plek gebind sou wees nie, maar deur alle volke orals beoefen kon word. Maar dan gaan Jesus verder en Hy verduidelik aan Sy leerlinge hoe die aanbidding moet wees. Hy sê vir haar dat die ware aanbidders die Vader deur die gees en in waarheid sal aanbid en Hy bevestig dit deur twee redes: Die een ontleen Hy aan die wil van God, want sê Hy, die Vader wil hê dat die mense wat Hom aanbid, dit só moet doen. En die ander ontleen Hy aan

die natuur van God self. Want God is Gees en die wat Hom aanbid moet Hom deur die gees en in waarheid aanbid.

Ons moet dus by die woorde hoofsaaklik hierdie twee punte beklemtoon. Ten eerste sal ons kyk hoedanig hierdie aanbidding in gees en in waarheid is, waarvan die Here praat en wat Hy daarvoor sê dat die ware aanbidders die Vader so sal aanbid. En ten tweede sal ons die redes ondersoek wat Hy daarvoor aanvoer en wat Hy ontleen aan die wil van God en aan die eie natuur van God.

Mag God ons die genade gee om oor hierdie belangrike onderwerp met U te praat, sodat dit tot sy verheerliking en u stigting sal strek. Die diens van God waarvan Jesus hier praat, word deur Hom aangedui as 'n aanbidding in gees en in waarheid. Ek gaan die mening van ou uitleggers stilweg verby, wat die woord "gees" hier verstaan as die Heilige Gees en "waarheid" as die Seun van God, asof Jesus wou sê dat die ware aanbidders voortaan die Vader sou aanbid in "sy Heilige Gees en in sy Seun". Ek gaan aan hierdie uitleg verby, omdat dit ongetwyfeld vreemd is aan die gedagte van die Here. Nader aan die waarheid kom die uitleg wat onder "gees" verstaan die gees en die siel van die mense en die woord "waarheid" in die sin van reinheid en opregtheid van hart opvat. Bedoelende dat Jesus wil aandui hoe God aanbid moet word deur die werking van die verstand en deur die opregte toegenetheit van 'n rein hart sonder huigelry of geveinsdheid.

Inderdaad is dit die eerste betekenis van die woorde van Jesus soos dit direk tot die gees van die mens spreek. En ek wil glo dat die Samaritaanse vrou in die begin niks anders daarin gehoor het nie en selfs dat dit vir haar onderrig op daardie oomblik voldoende was. Maar, omdat die Here ons soveel wysheid gee, sodat 'n ieder daar iets tot sy onderwys kan vind na eie begrip, mag ons ons nie met die oppervlakkige tevrede stel nie.

Om dan dieper in die gedagtes van die Heiland in te dring en om goed te verstaan wat hierdie aanbidding in gees en in waarheid is, waarvan Hy

praat, moet ons in die eerste plek opmerk dat Hy dit stel teenoor die diens wat God voorheen aan Sy volk beveel het en wat toe nog onder die Jode in ere was. Dit blyk duidelik by die aanhoor van die woorde van Jesus. Want nadat Hy vir die Samaritaanse vrou gesê het: "Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode", voeg Hy dadelik by: "Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die gees en in waarheid sal aanbid." Dit is duidelik dat Hy wil aantoon dat die ware aanbidders nie meer die Vader sou aanbid soos die Jode toe nog gedoen het nie, maar dat hulle Hom sou aanbid in gees en in waarheid. Jesus stel dus die aanbidding in gees en in waarheid teenoor die vroeëre diens van die Wet, soos dit toe nog deur die Jode in gebruik was.

Om nou reg te verstaan wat die aard is van die aanbidding in gees en in waarheid, is dit van belang dat ons nagaan hoe die vroeëre aanbidding was, waarteen Jesus dit stel. Want juis deur die teenstelling leer 'n mens die dinge reg verstaan. Hierdie vorige diens het bestaan in uiterlike en vleeslike dinge, soos die besnydenis, die paaslam, die offerandes van verskillende diere, die Sabbat, die fees van die nuwe maan, die plegtige feeste, besprinkeling, wasings, reinigings, die onthouding van sekere soorte vleis, die verbod om sekere dinge aan te raak en verskeie ander voorskrifte wat God gegee het deur die diens van sy kneg Moses.

So was die diens deur God volgens die Wet ingestel en boonop het Hy 'n groot deel van die diens aan 'n bepaalde plek gebind. God wou hê dat daar slegs op 'n bepaalde plek aan Hom geoffer moes word, wat Hyself verkies het. Hy wou ook hê dat op die drie plegtige feeste van die jaar, al die mans uit sy volk soontoe sou gaan om voor Hom te verskyn en Hom te aanbid.

Hoe verbaster en verdorwe die Godsdiens van die Jode ookal was in die tyd van die Saligmaker, het die wyse van diens tog nagenoeg dieselfde gebly soos God dit vir

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 2


Christen-Afrikaner as die vaste fundamente waarop die kerk en volkslewe gebou kon word, naamlik die gereformeerde belydenisgrondslag. Die eerste beslag daaraan vind ons in die bekende *Institusie van die Christelike godsdiens* (1536) opgeteken. Tot vandag toe word dit deur kenners as waarskynlik die mees uitgebreide werk deur een denker oor die Christelike godsdiens gereken. Hierdie gesaghebbende weergawe kan egter nie waardeer word, sonder dat terselfdertyd volle erkenning aan die bydraes van ander reformatore gegee word nie.

Die uitsonderlike waarde van hierdie opgetekende geesteserfenis is nie maar bloot dat dit in 'n 4-delige stel boeke opgesluit is, wat op talle boekrakke uitsluitlik vir historiese navorsing beskikbaar is nie. Simpson (1980:v-vi) skryf ondermeer dat dit die eerste impuls was "om die Calvinisme as beweging die wêreld oor te vestig".¹ Die woord 'institusie' beteken om aan iemand wat dit nie het nie, 'n staanplek te gee, asook om op te voed, te onderrig, te onderwys. Daar is in die 1536-uitgawe verwysings daarna dat dit 'n werk is wat vir die eenvoudiges (Latyn: *simpliciores*) geskryf is; dat dit dus nie slegs vir die vooraanstaandes bedoel was nie. Sedert die eerste publikasie, waarop verskeie herdrukke gevolg het, was dit 'n werk wat Europa

stormenderhand verower het. Die (laaste) 1559-uitgawe was daarop gerig om aan voornemende teologiese studente 'n inleidende oriëntering tot die heilige Skrif te bied.

Onderzoek ons die geesteklimaat waarbinne ons tans in Suid-Afrika leef en werk, vind ons dat Calvinistiese strominge nog op vele terreine van ons volkslewe merkbaar is. Die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël egter 'n gefragmenteerdheid van lewens- en wereldbeskoulike oortuigings so divers as die godsdienste van die wêreld, wat hier aange-tref word. Dit huisves ondermeer 'n veelheid van nie-christelike oortuigings wat, lewens- en wêreldbeskoulik gesien, uit inhoude en opvattinge bestaan só verskillend van mekaar, dat dit moeilik te bedink is dat dit in 'n land soos Suid-Afrika met sy (geraamde 70 na 80 persent) oorwegend Christelik-godsdienstige oortuigings werklik tot iets substantiefs kan kom. Die invloed van die Christelik-gereformeerde lewensoor-tuiging was nog deurentyd in ons (Afrikaner-)volkslewe die prinsipiële dryfkrag, soms in 'n meerdere, soms in 'n mindere mate. Dit bly egter dié religieuse dryfkrag wat in al ons groot ondernemings, hetsy op die gebied van die kultuur, onderwys, industrie, wetenskap, ensovoorts sy bepaalde stempel afgedruk het, sodat ons (as Christen-Afrika-

nervolk) hierdie jaar, wanneer ons terugkyk, nie anders kan nie as om die Calvinisme as grondliggend en deurslaggewend aan en in ons handel en wandel te moet erken en waardeer. Dit het die spoor-slag gebied waarkragtens die onderwys en wetenskap in Suid-Afrika ontwikkel het, en waarvan die invloed en nawerking deur niemand oorsien kan word nie – selfs nie diegene wat die Calvinisme verwerp, of anders beoordeel nie.

Ons Vereniging stel dit sedert sy ontstaan (1949) dat, op voetspoor van die Calvinistiese Hervorming, die heilige Skrif as die onfeilbare geïnspireerde Woord van God in sy geheel en in al sy dele, tot grondslag geneem word. Daarom is die 500ste herdenking van Calvyn se geboortjaar vir ons van besondere betekenis. Daarmee wil ons verklaar dat ons Vereniging in 2009 steeds daarby staan dat die Woord van God in die erkenning van dieselfde outoriteit, gesag en piëteit as by Calvyn en die ander reformatore benader moet word, ten opsigte van die inrigting van die samelewing. In hierdie 60ste jaar van ons bestaan is ons doelstrewende onveranderd en met oortuiging: Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, sodat Hy op alle lewenssterreine gedien en geëer mag word. 

1. Simpson, H.W. (Vert.), 1980. *Institusie van die Christelike godsdiens* 1536. Potchefstroom: Calvyn Jubileum Boekefonds.

Nuwe wetenskapsbeskouing vir die 21ste eeu?

Richard Dawkins (skrywer van *The God delusion*) en ander self-verklaarde ateïste sien tekens van 'n nuwe opkomende wêreldbeskouing, wat tot 'n nuwe wetenskap lei. In hierdie nuwe wetenskaplike wêreldbeskouing word gevra: Is dit meer verstommend dat 'n God alles, wat bestaan, in 6 dae geskep het, of dat in die afwesigheid van 'n Skepper alles (galaksies, chemie, lewe, betekenis, waardes, bewussyn, kultuur en so meer) deur natuurlike prosesse in 'n self-skeppende heelal ontstaan het? Dawkins en ander self-verklaarde ateïste is in hulle denke en hart oortuig dat die getuienis oor-

weldigend ten gunste is van 'n ontstaan van alles sonder 'n Skepper. Dit beteken dat, onder andere Darwinistiese biologie, herskryf sal moet word, want Darwin se evolusieleer is gebou op 'n geleidelike ontwikkeling van minder na meer deur natuurlike seleksie. Dit is 'n meganistiese model, wat deur die holistiese wêreldbeskouing van die nuwe wetenskap vervang sal word.

Wetenskap van die afgelope drie eeue was oorheersend reduksionisties 'n wetenskap wat probeer het om ingewikkelde stelsels onder te verdeel in eenvoudiger deelstelsels, en om vervolgens daardie deelstel-

sels weer in nog eenvoudiger dele af te breek. Dit was 'n wetenskap wat, volgens Dawkins, met die "hipotese God" van die Skrifte gewerk het. Hierteenoor is die nuwe wetenskap holisties: die geheel is meer as die som van die dele. Die ingewikkelde geheel mag eienskappe besit wat nie in die deelteorieë voorkom nie. Uit die ingewikkelde geheel mag bv. eienskappe en strukture te voorskyn tree ("emergent features") wat in embryo in die geheel gesetel is en nie in die deelstelsels nie. Die "hipotese God" is dan nie meer nodig nie, ook nie teïstiese evolusie nie. 

Vervolg van bl. 3

Moses voorgeskryf het. En hoewel die meeste Jode dit misbruik en in bygelowe verval het, was daar tog onder hulle 'n klein aantal gelowiges wat dit nog volgens die oorspronklike bedoeling van die Wet beoefen het.

Hoe ook al, teenoor die diens van die Wet stel Jesus die aanbidding in gees en in waarheid en Hy sê dat dit voortaan so vir God gedoen sal word. Die teenstelling van die twee soorte aanbidding bestaan nie soseer daaruit dat die een op die ander gevolg het nie, want die een uiterlike diens kon op die ander volg. Hoofsaaklik bestaan die teenstelling daarin dat die eerste aanbiddingsoort van die uiterlike en die uitbeelding van die tweede was. En dat die tweede die siel en gees, die werklike kern van die eerste was. Inderdaad was die uiterlike en vleeslike waarvan ons hierbo gepraat het en waaruit die diens, soos gesê, bestaan het nie anders nie as die buitekant, die kors, oftewel die vlees van die diens van God. Paulus noem dit só in sy brief aan die Hebreërs (9: 10): "vleeslike verordeninge". Daarom sê hy ook vir die Galasiërs waar hy hulle verwyt dat hulle van die eenvoud van die Evangelie afgewyk het – Galasiërs 3:3: Is julle so onverstandig? Nadat julle met die Gees begin het, eindig julle nou met die vlees?" Dit is die betekenis van hierdie woorde: Is julle so dwaas dat julle julle roeping tot die Christendom aanvaar het deur die geloof, die wedergeboorte en deur die ander werkinge van die Heilige Gees en nou verbeel julle jul groter volmaaktheid sal bereik word deur die uiterlike en vleeslike verrigtinge van die diens van Moses.

Hierdie erediens was dus die kors, die uiterlike, dus die vlees en liggaam van die innerlike aanbidding, wat die siel en die gees daarvan was. Maar, tweedens was hierdie erediens ook sinnebeeld en voorbeeld van die innerlike diens. Want een van die redes waarom God die seremoniële diens van die Wet ingestel het, was om die innerlike en geestelike diens aan te dui en voor te stel, naamlik die ware plig van die vroomheid, regverdigheid en heilig-

heid wat God van Sy volk geëis het. So ook het die besnydenis verkondig, dat om in die verbond en gemeenskap met God te tree, hulle afstand moes doen van die begeerlikheid en die liggaam van die sonde uittrek. Die offers wat gebring is stel aan hulle dat hulle skuldig was voor die gerig van God en dat hulle die ewige straf en dood verdien het. Die offerandes en dankoffers het hulle gelei tot die erkenning dat alle goeie dinge wat hulle ontvang het deur God geskenk is en dat hulle alles aan Sy diens moes wy. Die wassings en reinigings stel die onskuld en reinheid voor, waarna hulle moes streef. Die verbod om onrein vleis te eet of aan iets onrein te raak, moes hulle herinner aan die sorg en waaksaamheid, waarmee hulle moes waak teen onreinheid en besoedeling. Dus, daar was geen enkele seremonie van die Wet nie, of daar was iets in aan diegene wat die seremonie uitgevoer het. Dit het die pligte, die dele van die ware diens voorgestel wat aan God verskuldig was. Die dinge wat so deur die seremonies van die Wet voorgestel was, was die gees en die werklike kern van hierdie plegtighede. As hulle ten uitvoer gebring was sonder verheffing tot die geestelike dinge wat hulle voorgestel het, was hierdie seremonies soos 'n liggaam sonder siel en sonder gees. Ydele beelde sonder ware kern.

Hieruit broers is dit nou duidelik om te verstaan dat as Jesus tot die Samaritaanse vrou sê dat die uur kom en dit is nou wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, Hy wil aantoon dat hulle Hom voortaan nie meer sou aanbid en dien deur plegtighede, deur die Wet voorgeskryf nie, want dit sou afgeskaf word. Maar wel deur dit wat die seremonies voorgestel het en wat die siel en die gees en die werklike kern daarvan was.

Ek gee toe, dat die ware aanbidders God voorheen ook so deur hulle toewyding en geloof aanbid het. Want hulle het nie soos die huigelaars by die uiterlike diens van die Wet alleen gebly nie. Hulle het dit as 'n hulpmiddel gebruik om hulle te verhef tot die geestelike aanbidding. Waarsonder, soos hulle geweet het, die uiterlike aanbidding slegs huigelary en geveinsdheid was.

Jesus wil dus nie sê dat die aanbidding in gees en in waarheid, volgens die Evangelie, nog volkome moes begin, asof dit tevore onder die bedeling van die Wet nog nie plaasgevind het nie. Maar Hy wil meedeel dat voortaan die diens van God nie meer na die uiterlike sou wees nie, maar dat dit suiwer en eenvoudig moes wees. Dat die ware aanbidders nie meer sou aanbid deur seremonies nie, maar deur die saak self, soos deur die seremonies voorheen uitgebeeld. Die besnydenis sou eweneens nie meer deur die hande aan die liggaam gedoen word nie, maar 'n besnydenis van die hart, in die gees, deur selfverloëning en die uittrek van die kleed van die sonde.

Die Pase sou nie die eet van die lam ter nagedagtenis aan die verlossing uit die slawerny in Egipte wees nie, maar die eet ter nagedagtenis van Hom wat die Lam van God is. Hy wat die sondes van die wêreld wegneem, en wat ons deur sy dood vrygekoop het van die diensbaarheid aan die bose; wat ons verlos het uit die slawerny van die hel. Die offers sal nie meer die slag van diere wees nie. Maar dat hulle hulself gee as 'n lewende offerande en aan Hom hul hartstogte en begeertes offer. Hul reukoffer sal nie meer bestaan uit die brand van wierook nie, maar wel uit hul gebede en lofsange en danksegging wat opstyg na God. Hul vas sal nie meer bestaan uit die onthouding van die vals genietinge van die sonde nie; hul wassings en reinigings sal nie meer die was van die liggaam en die klere wees nie, maar dat hulle deur die geloof hul sondes sal wegwash in die bloed van Jesus Christus en deur berou hulle van die sondes sal reinig. Hul Sabbat sal nie meer wees om hulle te onthou van werk nie, maar om hulle te onthou van die werke van sonde en hul lewens geheel te wy aan die diens van God. Hul feeste sal nie daaruit bestaan om na Jerusalem te gaan om voor God te verskyn nie, maar om altyd in Sy nabyheid te bly en hul gedurig in Sy genade en Sy liefde te verheug.

Hul hart sal die tempel wees en hulle self 'n geestelike huis waarin God in

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5

die Gees sal woon en 'n heilige offerplek om hul offers te bring. Dit is die aanbidding in gees en in waarheid waarvan Hy sê dat dit die uiterlike beeld van die diens van die Wet moet vervang. Dít is dus sy bedoeling wanneer Hy sê: “Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid.” Dit is duidelik dat Hy met hierdie woorde wil sê dat die diens soos deur die Jode verrig, sal plek maak vir die aanbidding in gees en in waarheid.

Inderdaad was die eerste diens nie vir altyd ingestel nie, maar vir 'n sekere tyd, waarna dit afgeskaf moes word. Want God het dit voorgeskryf, nie omdat sy ware aanbidding daaruit sou bestaan het nie, maar om te dien tot die opvoeding wat sy volk nodig gehad het gedurende hul kinderstaat en om hulle deur tasbare en begryplike onderrig in hul kinderlike staat te vorm en voor te berei vir die ware aanbidding wat hulle voor Hom moes bring. God het dus met baie wysheid hierdie diens ingestel as geskik vir die kinderlike leeftyd van sy kerk. Maar dit was eweneens ooreenkomstig sy wysheid om dit af te skaf, toe, deur die volkome openbaring van die Evangelie en deur die oorvloedige mededeling van die Gees van genade, die kerk uit haar kindwees tot volwassenheid gekom het.

Ook het God, om die verrassing en verbasing te voorkom wat die afskaffing van hierdie diens kon veroorsaak, deur sy profete verskeie aankondigings gegee, wat voorspel het dat 'n ander profeet sou opstaan soos Moses (Deuteronomium 18); dat 'n nuwe verbond opgerig sou word (Jeremia 31); 'n ander hoëpriester sou verskyn na die priesterorde van Melgisedek (Psalm 110) en wat in ewigheid sal bly. Hulle het daarvan gepraat dat dit alles nie kon gebeur sonder die afskaffing van die seremoniële wet wat die plegtige diens van God verbind het met sy huis in Jerusalem en wat nie toegelaat het dat aan Hom elders offers gebring word nie.


Jesus kondig nou aan dat die vorige wyse van aanbidding afgeskaf, en tewens die volgende een ingestel word. En Hy wil sê dat die tyd gekom het dat die kerk die eerste beginsels van die Wet nie meer nodig het nie, om in staat te wees om God te dien. Want Hy sê dat die tyd kom en dit is nou wanneer die ware aanbidders die Vader sal aanbid deur die gees en in waarheid. Jesus beperk hierdie nuwe aanbidding tot die ware aanbidders. Enersyds, omdat Hy geweet het dat daar onder die Jode 'n groot aantal yweraars was wat hardnekkig aan die uiterlike diens van die plegtighede sou vashou, maar ook omdat die nuwe volk nie geheel en al van die bygeloof en geveinsdheid gereinig sou wees nie. En dat daar, omdat die mens van nature die sigbare liefhet, altyd self te midde van

sy kerk sulke mense sal wees wat met ywer aan die uiterlike geheg bly. En ander wat hul verlustig in die insettinge van mense en dit wat die gees en die waarheid in die diens van God is, probeer verruim.


Die Here Jesus het voorsien dat dit alles sou gebeur en daarom beperk Hy die diens tot die ware aanbidders, asof Hy wil sê dat daar altyd ook valse aanbidders sal wees, bygelowiges en huigelaars wat die diens van God in uiterlikhede sou laat bestaan. Maar dat die ware aanbidders die Vader sou aanbid in gees en in waarheid. Eintlik, as Jesus die voorwerp van die aanbidding onder die naam van die Vader aandui, is dit nie om die Seun en die Heilige Gees, wat tegelyk en onafskeidelik met die Vader aanbid word daarvan uit te sluit nie. Maar omdat die aanbidding in besonder tot die Vader, tot die eerste persoon in die Godheid gerig moet word. Ook dui Jesus Hom hier aan met die naam “Vader” omdat Hy Hom in die Evangelie geopenbaar het, beide as die Vader van ons Here Jesus Christus en as ons Vader. En omdat ook deur sy Vaderlike geneetheid jeens ons, ons harte Hom toegewend en tot Sy aanbidding geneig word.

Met die voorafgaande kan volstaan word, broers, om u die eerste deel van ons teks te verklaar waar Jesus sê dat die diens wat die Jode tot daartoe uitgeoefen het, beëindig sal word, en plek sal maak vir 'n ander manier om God in gees en in waarheid te dien.

Word vervolg



Tafelbaai in die 17de eeu. Die Franse Hugenote wat in 1688 na die Kaap gekom het moes 'n soortgelyke indruk van die Kaapse nedersetting gekry het.



Die herroeping van die Edik van Nantes in 1688 in Frankryk het die geloofsvryheid van die Protestante opgehef en was die direkte aanleiding vir die koms van die Franse Hugenote na die Kaap.

Die lewe van Calvin

- Geneem uit VCHO-studiestuk nr 12: Die Protestantse staatsbeskouing en verset

Johannes Calvin is op 10 Julie 1509 te Noyon in Noord-Frankryk gebore. As jong seun het Calvin reeds blyke van 'n besondere intellek gegee en 'n goeie opleiding aan die Latynse skool in die Franse hoofstad, Parys, ontvang. Volgens sy vader se wens het Calvin in die regte gestudeer aan die universiteite van Orléans en Bourges. Na sy vader se dood in 1531 het hy hom op die studie van Grieks en Latyn toegelê, as gevolg waarvan hy die werk van Seneca, *Oor die sagmoedigheid*, uitgegee het.

Tydens sy studie in Parys het Calvin met die Bybelse Humaniste in aanraking gekom. Hierdeur het hy sy eerste indrukke van moontlike hervorming verwerf. Geleidelik het Calvin tot finale verwerping van die Roomse dwaalleer gekom. Van die proses om tot verwerping van die Roomse leer te kom, skryf prof. A.D. Pont:

Stadig, stap vir stap, deur ondersoek, nadenke en studie het Calvin sy weg gevind; 'n weg wat hom weggelei het van die Roomse klerke en in die bane van die evangeliese waarheid van Gods Woord.

In 1533 was Calvin genoodsaak om voor die woede van die Franse koning uit Parys te vlug. Na 'n tydperk van vlug in Frankryk het hy hom in 1535 te Basel in Switserland gevestig, waar sy hoofwerk, *Die onderwysing in die Christelike godsdiens*, in 1536 verskyn het. Hierdie werk het in 1559 in finale vorm verskyn, nadat dit vyfmaal herdruk is. Gewoonlik word na dié werk as die *Institusie* verwys.

Na sy vertrek uit Basel het Calvin vir enkele maande aan die hof van die hertogin van Ferrara in Noord-Italië vertoef. In Julie 1536 het Calvin in Genève vertoef. Van die appèl wat Farel op hom gemaak het, het Calvin later gesê:

Ek is vasgehou nie alleen deur 'n aanspraak en vermaning nie, maar ook deur 'n ontsettende beswering van Farel, asof God uit die hemel Sy hand met geweld op my gelê het.

Met hierdie besluit het Calvin sy lewenswerk in Genève begin. As gevolg van Calvin en Farel se kragtige hervormingsarbeid, het die stadsraad beide van hulle in 1538 uit Genève verban. Farel het hierna predikant te Neuchâtel en Calvin predikant te Straatsburg geword. Deur middel van Martin Bucer het Calvin in aanraking met die verskillende leiers van die Duitse hervorming gekom, onder andere met Philippus Melancton, een van Luther se naaste medewerkers. Tydens sy verblyf in Straatsburg het Calvin begin met sy reeks Kommentare op al die boeke van die Bybel. Calvin het ook begin om die Psalms uit die Ou Testament te berym en in 1539 het die Franse Psalmboek verskyn waarin ook verskillende van Calvin se berymings opgeneem is.

Te Straatsburg het Calvin in die huwelik getree met die weduwee, Idelette van Buren. In 1542, twee jaar na sy huwelik, is Calvin se enigste seuntjie gebore, maar is kort daarna oorlede. In 1549 het sy vrou hom ook na swak gesondheid, ontval.

Weens die positiewe veranderinge wat in Genève plaasgevind het, het Calvin in 1541 na Genève teruggekeer. In dieselfde jaar het die stadsraad van Genève Calvin se Kerklike verordeninge aangeneem.

Hiermee het Calvin daarna gestreef dat die menslike gemeenskap deur die Woord van God regeer moet word.

Tydens sy verblyf het Calvin ook met felle teologiese teenstand te make gekry. In 1551 het die medikus, Hieronymus Bolsec, hom openlik teen Calvin se teologiese standpunte uitgespreek en is deur die stadsraad van Genève uit die stad verban.

In 1552 het die botsing tussen Calvin en die medikus, Micheal Servet, plaasgevind, op grond van laasgenoemde se verwerping van die Bybelse leer dat Jesus Christus die Seun van God is en die belydenis van die Drie-eenheid van God. Servet is aan die ketterery dat hy die Godheid van Christus loën skuldig bevind, en



volgens die gebruik van dié dae is hy net buite Genève lewendig verbrand.

Die posisie van Calvin in Genève het sodanig verbeter dat hy in 1559 sy Akademie opgerig het, waar onderwys met verloop van tyd in Teologie, Regte en die Medisyne gegee is. Die eerste rektor van die akademie was Theodorus Beza (1519-1605), die persoon wat Calvin se lewensarbeid voortgesit het. John Knox, die bekende hervormer van Skotland, het onder andere aan dié akademie studeer. In Februarie 1564 het Calvin siekgeword en op 27 Mei van dié jaar is hy oorlede.

In sy testament wat op 25 April 1564 opgestel is, het hy in 'n neutedop as't ware sy lewensfilosofie uiteengesit met die volgende woorde:

Allereers dank ek God, dat Hy Hom nie alleen oor my, sy armeskepsel, erbarm het, dat Hy my gehaal het uit die afgrond van afgodery, waarin ek versink was om my in die lig van die evangelie te trek en my in alle sonde en swakheid te verdra nie, maar ook dat Hy my, wat baie meer is, die genade gegee het om Hom deur my werk te kon dien.

Ek verklaar dat ek my, na die mate van genade wat aan my gegee is, beywer het om Sy Woord suiwer te verkondig en die Heilige Skrif trou uit te lê.



2009-Kongres

Datum: 29 Augustus 2009

Lokaliteit: Lesingsaal K15 in die kelderverdieping, JS van der Merwegebou, Potchefstroomkampus

Tema: Onderwys in Suid-Afrika staan voor 'n beslissende oomblik – watter uitkomst is daar lewensbeskoulik gesien: Darwin, Dawkins of Calvyn?

Program

07:30 - 08:00 Registrasie

08:00 - 08:20 Opening

08:20 - 08:30 Verwelkoming

08:30 - 09:00 Referaat 1

Die lewensbeskoulike implikasies van die materie-potensiaal uitgangspunt van Darwin se evolusieteorie vir die onderwys, vanuit reformatoriese blik gesien – dr H.D. Mouton (30 min.)

09:05 - 09:35 Referaat 2

Die nuwe holistiese wetenskapsbeskouing van Dawkins en die lewensbeskoulike betekenis daarvan vir Christelike onderwys – dr H.G. Stoker (30 min.) (Kyk ook berig onderaan bl. 4).

09:40 - 10:00 Tee, koffie en verversings

10:05 - 10:35 Referaat 3

Die lewensbeskoulike relevansie van grondtrekke van die Reformasie, toegepas op die onderwys van ons tyd, met besondere verwysing na Calvyn se bydrae – dr A.L.A. Buys (30 min.)

10:35 - 11:15 Bespreking/ Vraetyd

11:15 - 11:45 Huishoudelike vergadering

11:45 - 12:00 Sluiting

12:00 - Ete

Waarheen met ons kinders?

- Prof. Irmhild Horn

1. Inleiding

Christenouers lê 'n doopbelofte af om hulle kinders tot geloof in Christus te bring. Die meeste Christenouers sorg dat hulle kinders kerk en Sondagskool toe gaan en onderrig hulle ook gedurende huisgodsdienste. Dit is goed en moet gedoen word, maar is dit al wat God die Here beveel? In Deuteronomium 6: 5-9 beveel God die volgende:

Hierdie gebooue wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daarvoor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as 'n herrineringssteken vasbind aan jou hande en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

Die Here beveel dus dat kinders grootword in 'n omgewing wat oorheers word en deurdrenk is met Sy Woord. Onderrig in Sy Woord moet orals en altyd gebeur, met huisgodsdienste en in ons alledaagse huislike aktiwiteite. Kinders, beveel die Here, moet in huisgesinne lewe en grootword waar alles ingestel is op Sy Woord. God se opdrag aan ouers is dat hulle hul kinders leer om alles wat hulle in die lewe teëkom in die lig van Sy Woord te sien en aan Sy Woord te toets. Dit is ook slegs sulke omvattende onderrig in God se Woord wat ons kinders in staat sal stel om staande te bly in die wêreld van vandag en in die toekoms.

In Moses se tyd moes kinders omattende onderrig in God se Woord kry om hulle weerbaar te maak teen die afgode van die Kanaäniete. In ons tyd moet ons kinders weerbaar gemaak word teen 'n kultuur van menseregte – teen 'n 'oop' permissiewe samelewing met verkeerde, humanistiese waardes.

In die verlede, in die ou Suid-Afrika, het die noodsaaklikheid van omvattende onderrig in God se Woord nie so duidelik geblyk soos tans nie, omdat die Christengeloof en Christen-

waardes amptelike goedkeuring en beskerming geniet het. In dié beskermde samelewing met sy sensoriek volgens Christelike waardes was Sondagskool en skoolgodsdienste, dalk aangevul met huisgodsdienste, oënskynlik genoeg om kinders tot die Christelike geloof te bring. Die ou Suid-Afrika was terselfdertyd ook 'n tyd van stygende lewensontkoste en van die opkoms van die feminisme. Gedurende hierdie tyd het hoë lewensontkoste en/of feministiese ambisie en hunkeringe na selfvervulling baie moeders uit die huis geneem. Hoë lewensontkoste en/of manlike ambisie het ook daartoe gelei dat die vader sy Bybelse priestersrol verwaarloos het. Die uiteinde was dat menige ouers hulle wesenlike oerpligte op die skool en die kerk afgeskuif het.

2. Verandering

Nou het die amptelike houding teenoor die Christelike godsdienste verander. In die dokument *Manifesto on values, education and democracy* wat in 2001 deur die Ministerie van Onderwys uitgegee is, is aangekondig dat daar geen plek in die klaskamer is vir onderwys wat enige geloof bo 'n ander geloof bevorder nie. Staatskole mag nie kinders in die ware Christengeloof onderrig nie.

'n Anti-christelike owerheid wat staatskole beheer is ook nie al wat ons kinders se Christenwording bemoeilik nie. Die breë samelewing word gekenmerk deur 'oopenheid', permissiwiteit en dissiplineloosheid. Mense, insluitend Christene, beweeg al hoe meer weg van Bybelse leerstellings na humanistiese opvattinge. Die verskuiwing manifesteer in die media en in skole: nie skepping nie, maar evolusie; nie Godgesentreerdheid nie, maar mens- en selfgesentreerdheid; nie Jesus die enigste Verlosser en Saligmaker nie, maar alle godsdienste as verskillende roetes tot saligheid.

Subtiele sowel as blatante anti-christelike invloede is gegewenes in die lewensituasies van vandag. Ons kan



dié invloede nie verander nie, maar terselfdertyd bly die Here se opdrag staan om kinders na Hom toe te bring en hulle te leer om Hom alleen te eer en dien. Om aan dié opdrag van die Here te voldoen, moet die ouerhuis as primêre opvoedingsinstansie herstel word. Die ouerhuis moet herstel word as die plek waar kinders met omvattende onderrig in God se Woord toegerus word.

Om kinders in privaat Christenskole te plaas sal uiteraard help om hulle teen ondermynende anti-christelike invloede te beskerm. Die motivering daaragter moet egter nie wees om sodoende nog steeds ouerlike verpligtinge te ontduik en op die privaat Christenskool af te skuif nie.

God het die opvoedingstaak aan die ouers toegesê. Ouers mag in die uitvoering van hierdie taak deur ander mense gehelp word, maar God hou die ouers aanspreeklik vir die dinge wat hulle kinders leer – vir wat die ouers hulle self leer en vir wat hulle van andere leer. Ouerlike verantwoordelikheid is deur God gegee en God sal rekenskap van ouers eis, ongeag of hulle self die verantwoordelikheid aanvaar het of dit op ander afgeskuif het.

Ons kinders, soos alle kinders deur die eeue heen, het lewensnood aan 'n Bybelse huisgesin waar omvattende Bybelse onderrig plaasvind.

Vervolg op bl. 10

3. Probleme

Maar ons sit vandag in baie Christenhuise met spesifieke probleme wat oorbrug moet word:

Eerstens is daar 'n gebrek aan kommunikasie tussen ouer en kind, wat aan die een kant te wyte is aan die gejaagde lewe van beide ouers en kinders en aan die ander kant is dit te wyte aan die sogenaamde generasiegaping.

Tweedens is daar in die moderne samelewing 'n gebrek aan werklike intellektuele belangstelling. Oor die algemeen het mense vandag – beide volwassenes en kinders – swak leesvermoëns, swak kennisonderbou en swak redenasievermoëns. Hierdie toedrag van sake is ironies, aangesien ons in 'n tyd van tegnologiese kennisontploffing leef. Dié ontploffing is slegs ten opsigte van wetenskaplike en tegnologiese kennis; daar is vandag weinig belangstelling in die groot vrae van die lewe. Baie mense, oud en jonk, leef vir die hier en die nou – 'n oppervlakkige lewe wat nie hoër as loopbaansukses en materialistiese gemak strewe nie.

Derdens is daar 'n uitsiglose, donker toekomsvisie in die greep waarvan baie Christene verkeer.

Die gebrek aan kommunikasie tussen ouer en kind is die uitvloeisel van die besondere struktuur van industriële en/of tegnologiese samelewings. Industriële en/of tegnologiese samelewings, in teenstelling met agrariese samelewings word deur klein kerngesinne en 'n verdeling in horisontale ouderdomsgroepe gekenmerk. Na die industriële revolusie van die negentiende eeu is groot geïntegreerde gesinne met klein kerngesinne vervang. In dié klein kerngesin lei elke gesinslid 'n besige, gejaagde lewe en is die lewe van elke gesinslid grotendeels geïsoleer van die lewe van die ander gesinslede. En die rede vir laasgenoemde – die geïsoleerde lewens van gesinslede – is die moderne samelewing wat in horisontale ouderdomsgroepe opgedeel is – kleuters by kleuters, kinders by kinders, tieners by tieners, jong volwassenes by jongvolwassenes, ens. tot by bejaardes by bejaardes. Die gevolg van die horison-

tale ouderdomsgroepe is 'n generasiegaping waar kommunikasie en begrip oor die grense van generasies heen effektief weggeval het.

Die instelling van skoolplig het vertikale kommunikasie tussen ouer en kind van nog minder belang gemaak. Staatskole het die opvoedingstaak by die ouers oorgeneem. Hierdie was nie as 'n probleem in die ou Suid-Afrika waargeneem nie, omdat die staat – al was dit meestal net lippediens – amptelik Christelik was. Nou is ons in 'n nie-christelike, selfs anti-christelike bedeling, en is dit dringend nodig dat kommunikasie tussen ouers en kinders herstel word. Omdat hoë lewensnoodsaak om lang ure te werk, moet die grootouers, waar moontlik, weer in gesinne geïntegreer word. Hulle moet uit die aftree-oorde waar hulle waarde as draers van godsdienstige kennis en waardes verlore gaan, gehaal word.

4. Wat moet ouers doen

Ouers moet intensief betrokke raak by hulle kinders se skoollewe. Hulle moet die inhoud van alle leerstof en handboeke monitor. Hulle moet met hulle kinders gesels, nie slegs oor sportaktiwiteite nie, maar veral oor wat in die klas aangebied word. Hulle moet weier dat hulle kinders aan onbybelse praktyke deelneem. Hulle moet ook weier dat hulle kinders blootgestel word aan onbetaamlike seksonderrig. Ouerwaaksaamheidskomitees kan gestig word om volgehoue druk op die skool uit te oefen om kinders se grondwetlike reg tot vryheid van geloof en gewete te respekteer.

Christenouers moet met die hulp van die Heilige Gees die impak van die staatskool neutraliseer. In Titus 1:6 word daar van die ouderlinge verwag om kinders te hê wat gelowiges is. Dit impliseer dat gelowige ouers hulle kinders tot ware geloof kan bring. In hierdie tye is dit 'n moeilike, maar nogtans nie onmoontlike taak nie. God vra nooit die onmoontlike nie. Hyself sal opregte ouers van die nodige krag en vermoëns voorsien.

Die vraag wat nou ontstaan is: "Wat moet opregte ouers doen?" Bid is uiteraard fundamenteel en so ook Bybelstudie. Ten opsigte van die praktiese uitvoering van die opvoedingstaak is myns insiens die volgende essensieel:

Eerstens, die natuurlike lojaliteit van 'n jong kind teenoor sy/haar ouers moet gekweek en behou word. Dit beteken dat ouers deurgaans 'n ware Bybelse verhouding met hulle kinders handhaaf; 'n verhouding van liefde en dissipline soos God dit wil (Efes 6:4). Tweedens moet die kind van kleinsaf toegerus word met kennis van die Bybel en die ware Christenleerstellingen. Derdens, soos die kind ouer word, moet ware kritiese denke, d.i. denke wat gerig en gelei word deur God se Woord, gekweek word. Ouers moet sake in skoolleerstof en in die media met kinders bespreek en hulle kinders leer om deurentyd op hulle hoede te wees vir valsheid, onlogiese en/of valse redenasie, dubbelsinnigheid, onduidelikheid, irrelevantheid en oorbodigheid. Kinders moet geleer word om vanaf Bybelse voorveronderstellings en feite te redeneer en nie volgens gevoelens en/of populêre opinie nie. Die kind moet onderskeidingsvermoë en 'n strewe na waarheid geleer word. Hy/ sy moet geleer word om elke idee, elke aanspraak, elke voorstel en elke opinie aan die Bybel te meet. Met God se Woord kan elke valse redenasie en hooghartige aanval wat teen Hom en sy Wil gerig word, afgebreek en vernietig word (2 Kor. 10:4-5).

Bybelkennis en logiese, intellektuele denke wat na waarheid soek en dus binne 'n Bybelse raamwerk funksioneer, is magtige wapens teen propaganda en dwaalleringe, en ook teen die verslawende, verdowende effek van televisie.

5. Invloed van TV

Televisie is in baie huise, ook Christenhuise, die oorheersende faktor. Buiten dat dit bydra tot die gebrek aan kommunikasie tussen ouer en kind, is dit seersekerlik die grootste bydraende faktor tot die morele onsedelikheid en intellektuele belangeloosheid, selfs onvermoë, van die moderne mens.

Ons is almal terdeë bewus van die moreel-onsedelike inhoud van die meeste televisie-programme. Dit is egter nie die enigste probleem met televisie-kyk nie. Televisie is 'n medium wat die mens se vermoë tot

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

logiese, rasionele denke aantas en die kyker aanmoedig om inhoud kritiekloos te aanvaar. Televisie hou dus 'n wesentliche bedreiging in vir ware opvoeding.

Televisie se bedreiging vir ware opvoeding word uiteengesit deur Neil Postman in 'n boek getiteld *Amusing Ourselves to death* (1986). Postman wys daarop dat televisieprogramme, insluitende opvoedkundige programme, kennis op 'n erg beperkte en gesnoeide wyse aanbied. In elke enkele program moet die kennis wat aangebied word op sy eie kan staan. Televisie het eenvoudig nie ruimte vir kennis as 'n hiërargiese konstruksie wat vanaf 'n fondasie van grondliggende idees opeenvolgend en samehangend opgebou word nie. Hierdeur bedreig televisie die einste fondasie van intellektuele, logiese denke.

Televisie het ook nie plek vir bereedere argumentasie nie, ook nie in besprekings- en opvoedkundige programme nie. Die aard van die medium is sodoende dat alle televisieprogramme 'n teatrale, vermaaklikheidsformaat aanneem. Opvoedkundige programme neem altyd 'n storieformaat aan, terwyl besprekingsprogramme uit losstaande opinies wat die emosies eerder as die intellek aanspreek, bestaan. Uiteraard geniet liberale opinies meer aandag en guns as behoudende opinies.

Geen tipe televisieprogram vereis werklike intellektuele denke nie. Televisie kan wel die tipe inligting verskaf wat help met vasvra-speletjies, maar die uitsluitlike eenrigting-kommunikasie bevorder passiewe aanvaarding eerder as bevraagtekening en kritiek. Met ander woorde, televisie demp die strewe na waarheid.

Wat morele opvoeding betref, beperk en monitor baie Christenouers wat hulle kinders kyk, en dit is reg dat hulle so maak. Heilsame programme ondermyn egter ook dikwels die intellek, omdat dié programme ook neig om net 'n geklets te wees. Daarbenewens is dié programme se inhoud nie altyd werklik heilsaam nie. Lewensprobleme word deur dié programme op 'n simplistiese, humanistiese wyse aangespreek en opgelos. Dit beteken nie dat kinders

nooit heilsame geklets mag kyk nie. Die verskil is tussen kinders wat 'n program en/ of video as vermaak toegelaat word en met wie die Bybelse perspektief op die onderwerp bespreek word en kinders wat toegelaat word om vir ure vasgenaai voor die televisie te sit.

Kinders se televisie-kyktyd moet beperk word; egter nie as straf nie, maar as 'n huisreël. Die normale aand behoort die volgende in te sluit: tyd vir huiswerk, huigodsdiens, die saamlees (veral hardop) van goeie letterkunde, en, baie belangrik, die bespreking van skool- en mediasake waartydens die kinders se argumentasievermoëns binne 'n Bybelse raamwerk ontwikkel en geslyp word. Laasgenoemde, nl. die versterking van die kind se Bybelkennis en die slyping van sy/haar intellektuele denke binne 'n Bybelse raamwerk moet, soos Deuteronomium 6: 5-9 vereis, in die huis, in die motor, by die etenstafel, oral en altyd plaasvind. Kinders moet geleer word om God lief te hê met hulle hele hart, hele siel en hele verstand (Matt 22:37).

6. Gerigtheid van ons lewens

Ouers moet hulle kinders se oë op die ewigheid rig. In hierdie tye waar die toekoms donker en uitsigloos lyk, waar bekommernis, angs en wanhopigheid hoogty vier, moet ons ons eie en ons kinders se oë na Bo rig, na die Hemel, as die fundamentele doel van 'n Christen se aardse lewe.

In die verlede het ons wel in die Hemel geglo, maar omdat ons geloof deur die owerheid beskerm was, het ons geneig om ons tot ons aardse lewe te rig en al ons kragte in te span om aardse welvaart en rykdom te behaal. Die gevolg was 'n ommeeswaai in waardes: 'n verskuiwing weg van 'n Protestantse moraliteit van selfverloëning na 'n etos van selfvervulling in hierdie lewe. Hiermee gee ek nie te kenne dat dit verkeerd is om eiendom te besit, om die goedere en dienste te koop wat mens nodig of om loopbaansukses te bereik nie. Arbeid is die wese van God se kultuurmandaat (Gen. 1:28) en elkeen moet die vrugte van sy arbeid ontvang en hy mag dit geniet (sien bv. Pred. 5:17, 8:15). Ook eienaarskap is binne die

raamwerk van God se Wil en eintlik 'n geskenk van Hom aan Wie alles behoort. Daarom verbied Hy diefstal (agste gebod) en verbied Hy selfs net die begeerte na 'n andere se goed (tiende gebod). Eienaarskap en welvaart mag egter nie van bedagsaamheid oor die lot van andere geskei word nie, terwyl dit in hebsug en gulsigheid verval.

Ons dae van aardse welvaart word egter bedreig. Ons leef in 'n misdaad-geteisterde land en in 'n tyd van wêreldwye ekonomiese insinking; die toekoms lyk gevolglik donker. Baie mense, insluitend baie Christene, het in pessimisme en moedeloosheid verval. Hierdie reaksie is natuurlik en dus te verstane, maar dit is nie die vrug van die Heilige Gees nie. Christene moet in alle omstandighede vreugdevol wees. Dit beteken nie blindelinge optimisme en 'n (valse) positiewe gesindheid oor die werklike negatiewe omstandighede in ons land (en wêreldwyd) nie. Intendeel, vreugdevol in alle omstandighede beteken dat die Christen sy/haar oë op die Hemel rig, daar waar Christus aan die regterhand van die Vader is (Kol. 3:1-2).

Christenouers moet daagliks deur voorbeeldige voorlewing hulle kinders leer om hulle oë opwaarts te rig na die Ewigheid, soos die eerste Christene en al die ander martelaars vir Christus deur die eeue heen gedoen het. Vir hierdie mense, soos dit duidelik uit Paulus se briewe blyk, was die Hemel 'n onweerelegbare konkrete werklikheid wat al die swaarkry van hierdie wêreld oorskadu het. Vertel of laat kinders ware stories van Christenmartelaars lees, veral die wat oor kinder- en tienermartelaars handel. Rig die kinders se aandag op die martelaars se besondere moed en hulle onstuitbare geloof wat die gevolg was van die feit dat hulle oë op die ewige lewe gerig was en nie op hierdie lewe nie. Bespreek met ouer kinders Bybeltekste wat oor aardse swaarkry en die hemelse glorie wat wag handel – bv. 2 Kor. 4:16; 5:10 en Rom. 8:18-25.

Kinders moet ook attent gemaak word op die leegheid van 'n lewe wat deur materialistiese waardes gedryf word. Verwys die kinders na die lewens van

Vervolg op bl. 12

Vervolg van bl. 11

beroendes en rykes. Baiekeer het hierdie mense alles wat die wêreld as belangrik ag, maar is hulle nogtans dikwels die slawe van depressie, drankmisbruik, dwelms en/of seks. Hulle bly hunker na iets, en daardie iets is God self. God het elke mens geskape en aan elke mens die besef van die ewigheid gegee (Pred. 3: 11). Dus alleenlik in God se genade kan die mens ware rus en vrede vind.

Ouers moet egter versigtig wees om nie hemelse verwagtinge as fatalisme oor te dra nie. Christene mag nie passief wees nie. Hulle moet aktief deel wees van die lewe om hulle eie God-gegewe talente te gebruik en andere se talente aan te vul. Die einddoel is egter nie om aardse goedere te ver-

samel nie, maar om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees, en om sodoende algehele ver-derf in die wêreld te stuit (Matt 5:13).

Ouers moet ook nie die Hemel as beloning vir goeie gedrag voorhou nie. Dit impliseer 'n verdiensteteologie in plaas van die ware Evangelie van Genade.

7. Slot

Indien ons ons kinders opvoed soos die Bybel van ons vereis, is daar hoop vir die toekoms. God bly in beheer en Christus is die Koning van al die nasies, al erken hulle Hom nie. Terwyl ons poog om God in die opvoeding van ons kinders te gehoorzaam, moet ons onthou wat op die spel is. God se doel met en in die

geskiedenis is nie op die spel nie. Dit sal volbring word ongeag wat enige nietige mens doen. Wat wel op die spel is, is God se seënige op ons en ons kinders – of ons en ons kinders deel sal wees van Sy kinders wat die ewige lewe beërwe.

Bronnelys

McCLUNG, F. [Sa]. Holiness and the spirit of the age. Cape Town: Struik Christian.

POSTMAN, N. 1986. Amusing ourselves to death: public discourse in an age of show business. London: Heinemann.

STOKER, P.H. 2001. Ekonomie en die samelewing. Esra verslag, 9(47), Apr-Jul: 46-51.

WILSON, D. 1991. Recovering the lost tools of learning: an approach to distinctively Christian education. Wheaton, Ill: Crossway.



Die Bybel in die skool/onderwys

Deel 3

- J.H. Jordaan, afgetrede professor van die voormalige Dept. Historiese Opvoedkunde, Fakulteit Opvoedkunde, UNISA,

5. Skoolhoofde en onderwysers se implementering van die benutting van die Bybel in hul skole/onderwys:

Die Skoolhoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool (Afrikaansmedium staatskool vir seuns), Pretoria, noem die volgende:

Die Bybel speel steeds 'n baie belangrike rol in die daaglikse werksaamhede van die Afrikaanse Hoër Seunskool. "Christelik" is een van die hoekstene van die skool en daarom word alle skoolaktiwiteite op Christelike waardes geskoei. Die gedragskode van die skool het 'n sterk Christelike (Bybelse) inslag en in die erekode word onomwonde verklaar dat "in ons skool gee ons 'n ereplek aan God en sy Woord en streef Christelike lewensbeginsels na". Die feit dat elke skooldag met Skriflesing en gebed begin word, sorg dat Die Bybel 'n sigbare plek in die skoolprogram beklee. 'n Sterk en aktiewe CSV-vereniging, asook gereelde besoeke van die Gideons moet ook vermeld word.

Die Skoolhoof van die Stirling Primary School (Engels-medium multi-

kulturele staatskool), Oos-London, meld soos volg:

Bible Education, as a subject, is no longer part of the syllabus/curriculum. However, I do encourage those teachers who are Christians to feel free to teach from the Bible. My assemblies include Christian devotions and, most times, will include a gospel message/teaching. There is some pressure from the authorities and society in general not to be offensive or insensitive. In practice, therefore, some teachers will use their opportunities, i.e. those who are Christians. Those who are not Christians will obviously not bother at all. I believe that it is better for believers to teach about the Bible than, as it was in the old days, when non-believers were forced to teach Bible Education and really made a mockery of the whole exercise. I believe they did more damage than good.

Die rektor van die Grey Kollege (privaat parallelmedium skool vir seuns), Bloemfontein, noem die volgende:

Sedert Grey se stigting in 1855 deur die toedoen van die goewerneur van die Kaap, sir George Grey, het die

skool 'n Christelike inslag. Die eerste rektor was die befaamde kerkman, dr Andrew Murray, en die volgende 2 of 3 rektore was ook predikante. Sels as parallelmediumskool wat 'n mikrokosmos van die totale SA bevolking is, word elke skooldag in die klasse met Skriflesing en gebed geopen en so ook Maandae en Vrydae se saalperiodes.

Die skoolhoof van die Laerskool Pretoria-Oos (Afrikaansmedium staatslaerskool) bring die volgende onder die aandag:

Die rol van die Bybel in vandag se openbare skole word in 'n groot mate bepaal deur die skool self, asook die skool se beheerliggaam wat die ouerkorps verteenwoordig. Die meeste voormalige Model C-skole, wat in die verlede vanaf 'n sterk Christelike grondslag bedryf is, moes elk hul eie planne maak hoe hulle in die nuwe Uitkomstgerigte stelsel Bybelonderrig gaan akkommodeer. In die nuwe stelsel word skole spesifiek voorgeskryf ten opsigte van die leerareas, asook die persentasie tydstoewysing. Geen voorsiening word eg-

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

ter, soos in die verlede, vir Bybel-onderdig gemaak nie. Volgens die Onderwysdepartement kan Bybel-onderdig en die Christelike geloof onder die leerarea Lewensoriëntering saam met al die ander gelowe in kort behandel word. By ons skool, en ek glo by baie ander voormalige Model C-skole, “maak” ons tyd vir Bybel-onderdig deur van die ander leerareas se tyd te vat (“steel” klink nie goed nie, maar dit kom eintlik daarop neer). Ons week begin steeds Maandae met ’n saalbyeenkoms met Skriflesing, gebed asook gewyde sang. Elke skooldag word in die onderskeie klasse afgesluit met gebed (deur of die onderwyser of een van die maats). Formele funksies, asook ’n groot sportgeleentheid bv. atletiek, word gewoonlik dan ook met Skriflesing en gebed geopen. Die gewyde sanginoefening word verdeel waar die Grondslagfase asook die Intermediêre Fase apart bymekaar is, een periode per week – hier word ook begin met Skriflesing en gebed (gewoonlik die eerste periode van ’n spesifieke dag). Onderwyseresse open by die Grondslagfase en die klasleiers, om die beurt, by die seniors (Graad 4 - Graad 7).

Ons skool se dissiplinestelsel is hoofsaaklik gebaseer op Christelike waardes, waar ’n hoë premie geplaas word daarop dat elkeen van ons, ons as kinders van God, sy beeldraers is en dat ons respek vir onself sal hê maar ook vir ander mense. Ons het dit ten doel dat hierdie nie-geskrewe kurrikulum elke dag in elke afsonderlike leerarea beslag sal kry.

Die skoolhoof van CVO-skool Verwoerdburg (Afrikaansmedium privaat-skool), Pretoria, merk soos volg op:

Die grondslag en beginsels van die skool is die volgende:

Die skool bely dat Die Bybel die onfeilbare Woord van God is en dat dit die volledige kennis en wysheid vir ons lewe bevat;

Die skool bely die Woord van God volgens die Drie Formuliere van Eenheid, te wete die Nederlandse Geboefbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls;

Die skool bely dat God alles in ses dae geskape het, en verklaar die wetenskap vanuit hierdie kennis wat uit Die Bybel verkry word.

Die Skoolhoof, Universitas Primêr (Afrikaansmedium staatslaerskool) (algemeen bekend as “Tjokkies”), Bloemfontein, verwys na die volgende:

Teen die agtergrond dat die Onderwysdepartement ’n beleid het dat skole meer akkommoderend moet wees t.o.v. verskillende godsdienste en nie noodwendig een godsdiens vooropstel nie die volgende:

Tjokkies is ’n Christenskool (ononderhandelbaar vir die opvoeders, asook vir die Beheerliggaam) en daarom staan die Bybel primêr in ons opvoedingsonderwys. Ons onderdig vanuit ’n Bybelse perspektief en meer as ooit vantevore ervaar ons ’n geestelike herlewering en groei onder alle rolspelers by Tjokkies.

Tans resorteer Godsdiensonderdig (nie noodwendig Christelik nie) onder die Leerarea Lewensoriëntering en word daar net voorsiening gemaak vir een periode per week wat ons uiteraard vir Bybel-onderdig aanwend. Verder probeer ons, waar moontlik, ook Bybelse waarhede in alle ander Leerareas uitlig en tuisbring.

Jaarlikse geestelike weke, weeklikse CSV-bymekaarkomste, saalopeninge, daaglikse klasopeninge, biduursessies, ens. is van die ander plekke waar die Bybel sentraal staan en die inhoud verkondig word. Ons het ook onlangs (14 - 18 Julie) ’n program “Goeie nuus vir Kinders” by die skool aangebied.

Tjokkies kan dan ook getuig dat ons ons elke dag toewikkel in Sy liefde, omdat ons probeer om te doen wat God van ons vra en om dit goed te doen.

Mev. H.B. Jordaan, ’n afgetreede oud-onderwyseres (en ouma van elf skoolgaande kinders) wat vir 20 jaar (gedurende haar 50- en 60-erjare) in Pretoria as aflos-wetenskap-onderwyseres by ’n hele aantal skole skoolgehou het, meld soos volg:

By al die Afrikaansmedium en Engelsmedium staatskole waar ek sedert 1983 in Pretoria onderwys gegee het, was daar Maandae en Vrydae met saalopening uit Die

Bybel gelees en ’n kort diens gehou. Dit is dikwels deur ’n dominee, of die skoolhoof, of een van die senior onderwysers waargeneem. Die ander dae van die skoolweek moes die onderwysers die dag begin met Skriflesing en gebed in hulle klasse. Daar was ook Bybelperiodes een keer per week wat deur sekere onderwysers aangebied is.

Die skoolhoof, en saam met hom ’n senior onderwyser, van Ficksburg Hoërskool/ Ficksburg High School meld die volgende met entoesiasme:

Hierdie is ’n multikulturele, dubbelmedium staatshoërskool. Ons het 18 verskillende gelowe in die skool, van NG tot Moslem, ensovoorts. (Daar is Blankes, Kleurlinge, Indiërs (beide Hindoes en Moslems), Swartmense en selfs Sjinese en Koreane in die skool – beslis kinders oor ’n wye spektrum van verskillende kulture en gelowe!)

Tien jaar gelede het ek begin om ’n 35 minute Bybelperiode (eintlik Godsdiensperiode) vir die hele skool in te stel op Woensdae om 10:30. Die predikante en jeugwerkers van elke geloof kom skool toe en neem elk hul eie godsdiensgroep se klasse waar. Elke geloof doen sy “eie ding” in sy eie lokaal. Dit werk uitstekend al vir die afgelope tien jaar. My personeel hou in hierdie periode ’n personeelvergadering en die “professionals” van elke geloof gee die klasse. Dit is nie ’n Bybelperiode waar kinders by die onderwyser sit en huiswerk doen nie! Die skool open ook daagliks in die vierkant deur verskeie onderwysers in Afrikaans, Engels en soms Sotho. CSV vind nog plaas – die getalle het egter baie afgeneem deur die jare. Jeug-groepe besoek ook ons skool. Saalbyeenkoms gaan gepaard met Skriflesing, gebed en samesang. Kerkfunksies, ensovoorts, kan op die skool kennisgewingbord geadverteer word. By skoolfunksies, soos bv. ons prysuitdeling en personeelvergaderings, word daar met Skriflesing en gebed geopen. Die Gideons besoek ons en deel jaarliks Bybels uit tydens ’n saalperiode. Byna jaarliks sluit skoolverlaters aan by diensjaargroepe.

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

6. Die Gideons en die verspreiding van Bybels in skole:

Marie Tomlinson, Kantoorbestuurder, Die Gideons Internasionaal in SA, bring die volgende onder die aandag:

Na meer as twee jaar van gebed en studie het die Internasionale Kabinet in 1946 die Godgegewe uitdaging aanvaar om die kosbare Woord van God aan die jeug in beide openbare en private skole beskikbaar te stel. In Suid-Afrika word Jeugtestamente (Nuwe Testament en Psalms) tans in nege tale (elk met 'n unieke omslag om identifikasie te vergemaklik) by hoërskole geplaas. Dit word normaalweg jaarliks aan alle graad 8 leerders in die taal van sy/haar keuse voorsien. Die Gideons Internasionaal in Suid-Afrika verskaf jaarliks ongeveer 1 200 000 Testamente aan graad 8 leerders. Die Testamente word deur die vrywillige offergawes van lede van die Vereniging, asook mense in die gemeentes van talle kerkgenootskappe geskenk, sodat die Testamente kosteloos aan hulle wat dit wil neem, aangebied kan word. In die aanbieding van die Testamente word dit duidelik uitgespel dat ons slegs Testamente aanbied aan hulle wat dit graag wil hê; en dat skoliere wat reeds 'n Testament ontvang het, nie weer een moet neem nie.

Hier volg twee verhaaltjies van kinders wat Testamente ontvang het en die resultaat daarvan:

“Nadat 'n Graad 8-leerder aan die Oos-Rand 'n Testament van die Gideons ontvang het, het hy op sy knieë gegaan en die gebed wat agterin die Testament is, gebid. Daarna het hy sy naam in die Testament geskryf, asook die datum waarop hy Jesus aangeneem het. Twee dae later is hy vermoor. Hy is gevind met die Testament in sy hand.”

Lennon Sibiba getuig soos volg: “Dit was gedurende 1985 toe ek in Graad 8 was dat die Gideons na my skool gekom het om Testamente uit te deel. Ek het 'n Testament geneem en dit vinnig in my sak gesit sodat my maats nie vir my sou lag nie. Hoewel ek skaam was om met die klein Testament gesien te word,

was ek gevul met blydschap en haastig om na 'n stil plekkie te kon gaan waar ek die Testament kon lees. Aan die agterkant van daardie Nuwe Testament was daar woorde wat my vertel het hoe ek Jesus kon aanneem en daar was 'n spasie waar ek die datum kon skryf van die dag wat dit gebeur het. Deur middel van daardie Nuwe Testament het ek dus antwoorde vir al my vrae gekry en het ek Jesus in my hart aangeneem. Vandag werk ek voltyds vir die Here.”

7. Bybelgenootskap van Suid-Afrika:

Ds. Dirk Taljaard, Streekhoof, Bybelgenootskap van SA, berig soos volg:

Ons kry jaarliks uitnodigings van skole uit alle gemeenskappe om daar te kom optree en te vertel oor die werk van die Bybelgenootskap van SA (BSA). Skoolhoofde is ons oor die algemeen baie goedgesind. Daar is sommige skole wat jaarliks muntleggings het, of ons Hardloop vir Bybels (Comrades) projek ondersteun. Ander het Bybel-pretlope waardeur fondse gegenereer word. 'n Interessante aspek is dat hoofde van skole in voorheen benadeelde gebiede dit soms onomwonde stel dat hulle graag Die Bybel wil terugbring in die skole. Van hulle gebruik Die Bybel steeds (in weerwil van amptelike beleid). Daar is steeds 'n groot aanvraag vir Bybels onder leerders, sowel as leerkragte. Dis nogal interessant dat kinders in die laerskole nog verkies om in hulle moedertaal te lees, maar in die sekondêre fase is Engels 'n meer gewilde keuse.

Ons is tans besig met die implementering van die program “Faith comes by Hearing”, in samewerking met Hosanna, 'n Amerikaanse maatskappy. Die Nuwe Testament word opgeneem en deur middel van 'n mikroskryfie in 'n digitale eenheid, bekend as die “Proclaimer”, gedramatiseer teruggespeel. Dis veral bedoel vir luistergroepe van funksioneel ongeletterdes. Baie van die fasiliteerders van luistergroepe gebruik die eenhede ook in skole (met die goedkeuring van die skoolhoofde) om kinders aan Die Bybel in hulle moedertaal bloot te stel. My persoonlike ervaring is dat daar 'n

groot behoefte aan Die Bybel, in watter formaat ookal, is.

8. Gevolgtrekking

Dit het onomwonde na vore gekom dat met die koms van ANC-regering en sy nuwe radikale onderwysbeleid, wat ooglopend verskil van die voorafgaande onderwysbeleid van die Blanke-regering, die plek van Die Bybel en Christelike opvoedingsonderwys in skole aanmerklik geskaad sou word. Die beleid van multikulturele onderwys in die staatskole het besondere probleme meegebring vir die Christen-Afrikaner. Waar Blanke Afrikaners voorheen hulle eie afsonderlike skole gehad het vir die opvoeding van hulle kinders in 'n Christelike atmosfeer, gegrondves op Die Bybel en in ons eie Afrikaanse moedertaal, het dit verander na skole waarin kinders van uiteenlopende kulture, godsdienste en tale saam geforseer word in dieselfde klaskamers. Wanneer sodanige verskillende kinders in dieselfde klaskamer saamgedwing word, wie se taal gaan die onderligmedium word? Al elf landstale kan tog nie deurlopend herhaal word nie! Dan word maar, gerieflikheids halwe, 'n algemene (wêreld)taal ingebring, bv. Engels – waardeur die Afrikaner tereg beswaar kan hê dat Afrikaans ondergrawe word. Net so met godsdienste: wie se godsdienste gaan voorrang in die klas geniet? Al 5 of 6 hoofgodsdienste (of hoeveel daar ookal in Suid-Afrika is?) kan tog nie voortdurend al om die beurt “aangebied” word nie? Dan word die hele godsdienstopvatting maar verwater in 'n multikulturele godsdienstenadering om op niemand se tone te trap nie – wat ook weer, met reg, die Afrikaner Christen-gelowige in opstand bring. Dieselfde geld ook t.o.v. kulture, geskiedenis-agtergronde, ens. Die regering het met sy ideaal van een verenigde multikulturele “Reënboognasie” nie alleen groot onderwysprobleme geskep nie, maar ook onoorbrugbare godsdienstige en kulturele probleme. Wat egter verblydend is, is dat volgens die bovermelde skoolkinders, hul ouers en skoolhoofde se getuienis, daar volhardend bly poog word om Die Bybel en die meegaande Christelike Godsdienste in die skole/onderwys staande te hou, nie-

Vervolg van bl. 14

teenstaande die kontemporêre inoëntieke onderwysbeleid. Daar sal egter voortdurend gewaak moet word om nie die Bybelse grondslag in die skool verlore te laat gaan, deur die aanvalle van vyandige nie-gelowiges en ateïste nie! Daar moet egter ook toegegee word dat wat o.a. by die Ficksburg Hoërskool vermag word, om verskillende gelowe en kulture op 'n harmonieus wyse te akkommodeer met behoud van hul eie godsdienste, byna ongelooflik klink, maar tog prysenswaardig is. Ook die arbeid van die Gideons van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika om Bybels te versprei in mono- en multikulturele skole is lofwaardig en moet ondersteun word, sodat Die Bybel in skole/onderwys sy heilsame plek kan behou.

Die entoesiasme waarmee al die ouers, skoolhoofde, onderwysers en ook die kinders, op skrywer se versoeke, openhartig gereageer het, was besonder treffend en verblydend. Almal van hulle word hartlik

bedank vir hulle bydraes. Sonder hulle samewerking sou hierdie artikel nie kon realiseer nie.

Bronnelys:

Psalms en gesange vir die AP kerk
Nasionale kurrikulumverklaring – 'n Nuwe kurrikulum vir Grade 10, 11 en 12 deur die Minister van Onderwys, Me. Naledi Pandor, LP, met kort beskrywings van die 29 vakke daarin vervat – koerantberig in *Beeld*, Do. 29 Desember 2005

Huidige stand van/en beleid ten opsigte van Bybelonderrig – inligtingstuk saamgestel deur Ds. Erik van der Merwe vir die VCHO Kongres 2001

Die volgende persone word hartlik bedank vir hulle tersaaklike geskrewe bydraes:

Ouers van skoolgaande kinders (en hul kinders se bydraes):

Bertie & Mardia Visser, Bloemfontein

Kerneels & Elna Olivier, Pretoria

Fjord & Marietjie Jordaan, Oos-Londen

Andre & Riëtte de Kock, Pretoria

Skoolhoofde en onderwysers:

Dr Pierre Edwards, Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria

Mnr. Braam Maree, Laerskool Pretoria-Oos, Pretoria

Mnr. M. Coomans, Universitas Laerskool, Bloemfontein

Mnr. J. Volsteed, Grey Kollege, Bloemfontein

Mnr. Piet Schoeman, CVO-skool Verwoerdburg, Pretoria

Mnr. Peter Johnson, Stirling Primary School, Oos-Londen

Mnr N. Humfreys (Skoolhoof) en Mnr. Johan Oberholzer (onderwyser), Ficksburg Hoërskool, Ficksburg

Mev H.B. Jordaan, afgetrede oud-onderwyseres wat by 'n hele aantal skole in Pretoria skoolgehou het

Navraag is by die volgende skole gedoen: Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria

Laerskool Pretoria-Oos, Pretoria

Universitas Laerskool, Bloemfontein

Grey Kollege, Bloemfontein

CVO-skool Verwoerdburg, Pretoria

Stirling Primary School, Oos-Londen

Ficksburg Hoërskool/Ficksburg High School, Ficksburg

Bybelgenootskap van Suid-Afrika:

Inligting verskaf deur ds. Dirk Taljaard, Streekhooft, Gauteng

Die Gideons:

Inligting verskaf deur Marie Tomlinson, kantoorbestuurder, Die Gideons Internasionaal in SA.



Christelike wetenskap is wetenskap tot eer van God

Deel 2

- Prof. P.H. Stoker

4) God voorsien deur die moderne wetenskap

Die uitvinding van die drukpers deur Gutenberg (1400-1468) voordat Luther (1483-1546) die Bybel in Duits vertaal het, toon ook duidelik dat God voorsien. Toe kon die Lutherse Bybelvertaling in groot hoeveelhede gedruk word vir gebruik in elke huis.

Die geweldig-vinnige ontwikkelinge in tegnologie vandag maak die uitbreiding van die evangelie tot elke land en tot in elke gehuggie moontlik deur radio, televisie en internet.

Natuurwetenskappe, trouens elke vorm van wetenskap, ook die mens- en sosiale wetenskappe, word deur menslike denke gevorm en geskied altyd binne die raamwerk van 'n lewens- en wêreldbeskouing. Ongeveer 400 jaar voor Christus het die Griekse wysgeer Aristoteles die denke gevestig dat enige verklaring by die bekende, die vanselfsprekende moet begin. Volgens ons alledaagse waar-

neming kan dit as vanselfsprekend aanvaar word dat die aarde in rus is en dat die son, maan, planete en sterre daaromheen beweeg. Uitgaande hiervan het Aristoteles die heelal verdeel in 'n ondermaanse (die aarde en die atmosfeer) wat stilstaan, en 'n bomaanse (die maan, son, planete en sterre) wat ewigdurend om die aarde beweeg. Volgens Aristoteles streef alles in die ondermaanse na 'n toestand van rus, want die aarde is self in rus. As, byvoorbeeld, 'n kar nie meer deur 'n perd getrek word nie, gaan staan die kar omdat die kar na die toestand van rus terugkeer. Hy het 'n verdere onderskeid gemaak tussen die ewigdurendheid van die bomaanse (maan, son, planete en sterre is altyd daar) en die tydelike of verganklike in die ondermaanse (die kar breek en vergaan; die perd word siek en gaan dood).

Hierdie Aristoteliaanse wêreldbeskouing is deur van die vroeë Christene oorgeneem, van heidense ele-

mente gesuiwer en Bybelse elemente daarin gewef (bv. materie is nie ewig nie, maar God is ewig). Die Middeleeuse kerk het later die verchristelike leer van Aristoteles, met die aarde in rus, tot 'n dogma verhef. Copernicus, Kepler en Galileo het met hierdie kerklik-aanvaarde leer van Aristoteles van 'n aarde in rus gebots toe hulle uit waarnemings op planete tot die gevolgtrekking gekom het dat die aarde beweeg en nie in rus is nie. Vandag is dit nie vir ons vreemd dat die aarde saam met die ander planete om die son beweeg nie, omdat ons van kleinsaf so geleer word.

4.1) Die 19-eeuse Christen-Europeër en konstantheid van soorte

Tot in die tyd van Darwin (1809-1882) het die Christen-Europeër aanvaar dat God onveranderlike en onveranderbare biologiese soorte geskep het. Elke soort het God in die begin af-

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 13

sonderlik geskep, en God het “gesien dat dit goed was”. Gevolglik sou God geen rede gehad het om ’n soort met die tyd te laat verander nie, want dit was goed geskep.

Die Griekse wysgeer Aristoteles het alreeds geglo dat spesies onveranderlik is. Hierdie idee van Aristoteles is deur die kerkvader, Augustinus (354-430 nC), na die Christelike denke oorgedra. Dit is juis hierdie idee van die vastheid (onveranderlikheid) van spesies wat uiteindelik gelei het tot verwerping van die skeppingsverhaal in Genesis deur Darwin. Sy waarneming van byvoorbeeld die verskillende soorte vinke op die Galapagos-eilande bo in die noorde van Suid-Amerika naby Ecuador het duidelik nie op ’n onveranderlikheid van spesies gedui nie. Hy het toe natuurlike seleksie as grondslag van veranderinge in soorte aanvaar, om variasies in spesies te verklaar deur die oorlewing van die sterkstes.

Darwin en andere se reaksie teen die teologie van vastheid en konstantheid van spesies wat indertyd ook die wetenskapsbeeld was, het gelei tot die verwerping van die Bybel en die Christelike werklikheidsvisie en daarmee het hulle ’n naturalistiese en deterministiese siening van veranderinge, dit wil sê evolusionisme, aanvaar.

4.2) Wat glo die Christen vandag?

Die geologie is ’n rekord van die aarde se geskiedenis. Geoloë leer ons hoe om die geskiedenis van die aarde uit gesteentes, uit aardlae en uit die fossiele in die aardlae en gesteentes, te lees. Daarvolgens is daar duisende miljoene fossiele van organismes, plante en diere in die aarde, wat gesterf het en gefossileer is oor 530-miljoen jaar vóórdat Adam en Eva ongeveer 6000 jaar gelede volgens Bybelse geslagschronologie geskep is. As God self volmaak is (sonder gebreke is), maak dit nie sin dat Hy Adam en Eva op ’n begraafplaas van dooies volmaak (sonder sonde) geskep het nie. Trouens, God het aan die einde van die sesde skeppingsdag “gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed” (Gen. 1:31). Daar moet êrens ’n fout in die tydsberekening van die wetenskap of in tydberekening vanuit die Bybel, of in albei wees.

Wat moet dan die Christen se perspektief op die wetenskappe wees? Wetenskappe bestaan uit vakdisiplines. Die woord dissipline impliseer ’n wyse waarop wetenskap gevorm en beoefen word. Dit beteken dat ons gedagtes dissipleneer moet word vir wetenskaplike werk. Op skool en op universiteit word ons gedagtes gevorm en word ons geleer hoe om wetenskaplik oor die wêreld en bestaande kennis te dink. In navorsing moet almal volgens algemeen-aanvaarde metodes kennis ontgin en die kennis aan bestaande of nuwe teorieë toets; teorieë wat deur almal van ’n betrokke dissipline saam oordink en aanvaar kan word. In hierdie oordening werk wetenskaplikes uit alle gelowe saam. Dit beteken dat wetenskap openbare (wêreldse) kennis is.

Die openbare media vorm en dra ’n vertolking van wetenskaplike kennis van vandag oor aan die algemene publiek. Hierdie vertolking vorm die openbare mening. As die wetenskap en die media voortdurend verkondig dat die aarde baie oud is, glo almal (ook Christene) later dat dit ’n feit is. Dieselfde gebeur met die evolusie-teorie: as voortdurend verkondig word dat die mens uit die dier deur evolusie ontstaan het, word dit later as ’n feit aanvaar, met die implikasie dat die mens dan op ’n natuurlike wyse na die dier se beeld gevorm is en nie dat God die mens na sy beeld geskep het nie.

4.3) Wat moet die Christen se benadering tot natuurwetenskappe wees?

Ons leer God ook ken deur kennis van die fisiese en biologiese wêreld, soos beskryf deur die natuurwetenskappe. Hierdeur openbaar God Homself aan almal, ook aan dié wat Hom nie ken nie. Ook die ongelowige wetenskaplikes sien die wonderbaarlikhede van God in die skepping, al aanvaar hulle dit nie as God se werke nie (Rom. 1:18-23) en al gee hulle aan “Moeder” natuur al die eer vir alles wat bestaan en vir die ontstaan van alles.

Ons kinders en studente moet ook deur die wetenskap getuieenis aangaande die ewige, almagtige en alwyse God en Skepper en Onderhouer van alle dinge aan die nie-gelowige kan lewer. Dit kan hulle slegs doen as hulle die natuurwetenskappe bestudeer om dit te ken en te verstaan, al word die natuurwetenskappe gevorm asof God nie bestaan nie. Maar ons

moet ons kinders en studente verder skool en toerus om te kan getuig van God se besondere openbaring in sy Woord: (1) dat Hy nie deurlopend soos die evolusieleer dit aanvaar, skep nie, maar deur bonatuurlike diskrete handeling hemel en aarde en alles daarin – ook die mens – geskep het, (2) dat Hy deur hierdie bonatuurlike handeling na ses skeppingsdae aan die hele skepping ’n potensiaal voorsien het om onder sy bestiering te ontplooi tot die voleinding van die tyd, en (3) dat God se handeling slegs deur sy Woord en nie deur wetenskaplike (menslike) waarnemings nie, geken kan word. Hulle moet ook verstaan dat God nie deur die wetenskap sonder sy Woord geken kan word nie, en dat die mens dan self die vraag waar alles vandaan kom, wil beantwoord en hiervoor ’n evolusionistiese wetenskapsmodel gebruik wat met ’n oerknal begin en wat veronderstel dat alles deur die natuur self voortgebring is.

5). Afsluiting

Christelike wetenskap is Bybelgefundeerde wetenskap wat die skepping uitgaande van God se besondere openbaring in sy Woord bestudeer. In alle wetenskappe, ook in die natuur- en wiskundige wetenskappe, moet ons hiervan uitgaan om in ons onderrig en beoefening van wetenskap, van Hom te getuig as Skepper en Onderhouer van alle dinge, as ’n God van orde, as ’n God van wysheid, as ’n intelligente ontwerper, as ’n volmaakte God, as ’n goeie en regverdige God, dat Hy deur sy Goedheid en Regverdigheid alles onderhou, beheer en versorg tot die volheid van die tyd, en dat Hy ’n God is wat van ons verwag om met insig en sorg teenoor die skepping in alle lewensfere op te tree. Ons moet die vloek wat God oor die aarde uitgespreek het met die sondeval – “met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe” – in ons lewens erken, maar ook God se genade daarin dat ons deur werk en gebruik van wetenskapskennis en tegnologie, ons rentmeesterskap en versorging teenoor sy skepping en ons medemens kan en moet uitoefen en uitleef, sodat ons ons in sy wonderbaarlike skepping kan verlustig, en Hom daardeur kan verheerlik en eer.

Wat sê Die Bybel in 2009 vir die Afrikaner oor volkwees?

Deel 2

- Prof. J.A.E. Adendorff

Volkskap in die lig van die sondeval

1. Die verhouding tussen volke word deur spanning gekenmerk

Die sondeval het die mens se verhouding met God ingrypend verander. Die mens staan nou veroordeeld voor Hom met sy skuld en sonde. Maar die verandering kom ook daarin tot uiting dat die mens nou in opstand lewe en geen gesag buite homself wil erken nie. Hy wil nou sy eie god wees en net homself dien.

Omdat die mens se primêre verhouding (sy verhouding tot God) aangetas is, is ook al die ander verhoudings waarin die mens lewe, besmet. In Gen. 4 lees ons alreeds van die vervreemding wat tussen broer en broer gekom het. Hierdie vervreemding het tot haat en uiteindelik moord gelei. Vyandskap tussen mense sou die kenmerk van die mensdom na die sondeval word.

Ook die volkereverskeidenheid is nou aan die gevolge van die sondeval onderworpe. Volkere het hulle eksterne doelwit, nl. om God te dien, verruil vir selfsugtige doelwitte. Dit het hulle in botsing gebring met ander volkere met ewe selfsugtige doelwitte. Vanuit die sondeval moet die spanning en oorloë tussen volkere dus verklaar word. Dit impliseer dus dat die selfstandige voortbestaan van volkere voortdurend bedreig word en net deur stryd gehandhaaf kan word.

Dit is egter nie alles net slegte nuus nie. Die goeie nuus is dat God ook na die sondeval sy bedoeling met die mens, en dus ook die volkere, voortsit.

2. Die volkereverskeidenheid word ook ná die sondeval gehandhaaf

In Gen. 6 lees ons dat die sonde van die mens sy volle maat bereik het. God se skepping het teen sy heerskappy gerebelleer. Die mense het net vir eie genot gelewe (soos Matt. 24:37-39 en Luk. 17:26-27 dit vir ons beskryf). Vir hierdie verrotting (Gen. 6:11, 12) is daar net een antwoord:

vernietiging (Gen. 6:13). Die Here gaan die aarde skoonwas met 'n groot vloed. Noag en sy huisgesin vind egter genade in die Here se oë. In 'n ark vind hulle skuiling teen die oordeel van God.

Wanneer die ark weer op droë grond te ruste kom, stuur God Noag, sy mense en die diere uit (Gen. 8:15-17). Die aarde moet weer wemel van lewe ('n herinnering aan Gen. 1:22). Die toestand van die sesde skeppingsdag keer in 'n sekere sin terug. Die woorde in Gen. 9:1 herinner aan Gen. 1:28: "En God het Noag en sy seuns geseën en aan hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde". Die opdrag tot verspreiding (en dus volksvorming) bly dus ook na die sondeval van krag.

Gen. 11 vertel dat die mens aan hierdie opdrag ongehoorsaam was. Die bou van Babel se toring dui op die oersonde van die mens: om soos God te wil wees. Die mensdom bou naamlik 'n stad en "'n toring waarvan die spits tot aan die hemel reik" (Gen. 11:4). Hulle wil ook vir hulleself 'n naam maak, d.w.s. hulleself verhoog. Daarmee stel hulle hulleself teenoor God wat vir Homself 'n Naam maak (vgl. Neh. 9:10; Jes. 63:12, 14). Die stad Babel moet die plek van God inneem. Die mens wil dus 'n beskawing sonder God ontwikkel!

In sy genade beperk die Here die omvang van die bouse deur die mense se taal te verwar (Gen. 11:7-9). Hulle kan nie meer saamstaan en 'n verpletterende oormag téén God vorm nie. God verhoed dat die toestand van voor die sondvloed terugkeer. Hy stel taalverskeidenheid in as instrument om sy doel met die mensdom te bereik. Die mensdom versprei nou oor die hele aarde. So sorg God dat Hy sy skeppingsdoel bereik!

Egpare vorm gesinne wat op hulle beurt in families ontwikkel en uiteindelik tot stamme en volke uitgroeï. Die geslagsregister van Gen. 10 beskryf hoe hierdie proses verloop het. Jafet se nageslag het hulleself blykens Gen. 10:5 rondom die Middellandse see

gekonsentreer. Uit hulle het die Indo-Europese volke gegroeï. Die nageslag van Gam het hulle hoofsaaklik in Afrika gevestig. Uit hulle het die belangrikste vyande van Israel voortgekom. Ons herken Egipte (Misraim), die Kanaäniete, Babel en die Filistyne. Die nageslag van Sem het hulle in die Nabye Ooste gevestig. Uit hulle het die Here Heber uitgesonder waaruit die Hebreeuse volk later voortgekom het.

3. Die kerk versmal tot een volk, te wete Israel

In Gen. 12 tree 'n belangrike verandering in die wyse waarop God met die mensdom handel. Wanneer die volke oor die aarde versprei word, roep die Here Abraham om hom uit te bou tot 'n volk wat onder heerskappy van God moes leef en as die besondere kanaal vir die verlossing van die mensdom moes dien.

Op tweeledige wyse moes Israel as Godsvolk 'n lig vir die nasies wees:

- In hulle gehoorsaamheid aan God se verbondswet moes hulle 'n voorbeeld vir die volkere stel: So lyk dit wanneer 'n volk God as Verlosser het en as Koning dien. In dié opsig was hulle volksbestaan 'n teken van God se koninkryk.

- Kragtens God se beloftes was hulle ook die draer van die Messiaanse belofte. Uit die Jode sou die Christus as die Verlosser van die mensdom gebore word.

In die lig van Israel se besondere posisie in die Ou Testamentiese bedeling van die heilsgeskiedenis moet ons versigtig wees om nie op oppervlakkige wyse allerlei voorskrifte vir volkereverhoudings uit Israel se verhouding tot die ander volke af te lees nie. Wanneer die Here bv. sy volk verbied om met die heidenvolke te meng, mag ons dit nie as 'n bevel tot rasse- en volkereskeiding sien nie. Dié verbod het 'n godsdienstige doel

Vervolg op bl. 18

Vervolg van bl. 17

gehad: Daar mag nie vermenging tussen gelowige en ongelowige gekom het nie. Dit is dus in wese dieselfde gebod wat ons in 1 Kor. 6:14 vind: "Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie ..."

In die Nuwe Testament tree 'n volgende fase in die openbaringsgeskiedenis na vore. Dit bring ons by die volgende punt.

Volkskap in die lig van Christus se versoeningswerk

Volkskap in die lig van Christus se versoeningswerk

1. Die dissipels word na die nasies (volke) gestuur

In die volheid van die tyd het God sy Seun in die wêreld gestuur om sy volk van hulle sondes te verlos (Mat. 1:21). Aan die kruis het Hy 'n volkome verlossing bewerk. Met sy hemelvaart gee Hy 'n ingrypende opdrag aan sy dissipels (Mat. 28:19): "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."

Christus stuur sy dissipels na die verskillende volkere van die wêreld om aan hulle sy koningskap te verkondig. Die heil van sy koninkryk is nie langer net tot die histories-etniese volk Israel beperk nie. Die genadige verlossing in Christus is vir al die histories-etniese volke van die wêreld bedoel. Uit elke stam en taal en volk en nasie versamel Christus vir Hom die ware Godsvolk. Anders gestel: Alle volkere van die wêreld tree nou in en deur die gelowiges in hulle midde tot die Godsvolk toe.

In Hand 1:8 vind ons die program vir hierdie universele uitbreiding van die Godsvolk: "... julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde."

Dus: Eers die Jode, dan die Samaritane en dan al die volke tot aan die uiterste van die aarde. Die evangelie van Christus is immers "n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek" (Rom. 1:16).

2. Die taalwonder van Pinkster bevestig die verskeidenheid

Met die uitstorting van die Heilige Gees word dit bevestig dat God se bedoeling is dat die volkere as volkere die evangelie moet hoor. Die mense uit verskillende volke hoor immers elkeen in sy eie taal van die groot daad van God (Hand. 2:11). Die Pinksterkerk is nie geroep om een wêreldtaal te praat nie, maar om die volkere – elkeen in sy eie taal – te leer aanbid.

Paulus se werksmetodiek bevestig eweneens hierdie waarheid. Hy het nie probeer om elke mens op die aarde met die evangelie te bereik nie. Sy werkswyse was om in elke volk 'n kerk te plant. Daarna het hy na die volgende volk gegaan, terwyl ander dienaars moes natmaak en versorg (vgl. 1 Kor. 3:6) waar hy geplant het. Uiteindelik was dit dan die verantwoordelikheid van daardie kerk-binne-die-volk om hulle volksgenote met die evangelie te bedien. En dit het dan ook inderdaad gebeur. Een voorbeeld: Nadat Paulus die evangelie in Thessalonika verkondig het, het 'n gemeente daar tot stand gekom (Hand. 17:1-3). Na Paulus se vertrek (Hand. 17:10) het die gemeente in Thessalonika egter nie gekwyn nie, maar deur die genade van die Here gegroei. Hierdie gemeente het dan ook sorg gedra dat die Woord van die Here in Macedonië en Acháje weerklink het (1 Thes. 1:8).

Uit al die Nuwe Testamentiese gegewens is dit duidelik: God hef in sy evangelieverkondigende arbeid nie die volkereverskeidenheid op nie, maar handhaaf dit. Die gelowige hoef nie uit sy volksverband te tree wanneer hy tot geloof kom en so lidmaat van die kerk word nie. God se skeppings- en herskeppingswerke is dus één.

3. Die roeping van die kerk t.o.v. die volk

Wanneer die kerk eenmaal in 'n volk gevestig is, kry dit 'n omvattende taak t.o.v. die volk. In die eerste plek is daar 'n evangelisasie-verantwoordelikheid teenoor die volksgenote. Eenvoudig gestel: Die kerk in elke volk moet daarna streef om die hele volk in die kerk te kry. Verder moet Christus se heerskappy op elke terrein van die volkslewe verkondig word. Die hele volkslewe moet onder God se

heerskappy gestel word. So moet die kerk binne elke volk daarna streef om die volk 'n volk vir God te maak. Om dit in ander woorde te herhaal: Die geestelike volk van God binne elke histories-etniese volk moet daarna streef om die volk 'n volk vir God te laat wees. So word volkswees teruggebring na die skeppingsdoel van God met elke volk: Om 'n volk te wees wat onder die heerskappy van en in gemeenskap met die soewereine God leef en wat op sy beurt heerskappy uitoefen oor God se geskape wêreld.


Gevolgtrekkende stellings

Ter afsluiting wil ek dit wat tot hiertoe gesê is, op die Afrikanervolk toepas. Wat sê die Bybel dus vir Afrikaners oor hulle volkskap en volkswees?

- Die Afrikanervolk het deur die genadige beskikking en onder die seënende hand van God tot stand gekom. Ons volkswording lê in sy ewige Raadsplan veranker. Daarom moet ons ons volkswees as 'n kosbare kleinood koester. In die proses moet ons egter daarteen waak dat ons nie van ons volkskap 'n afgod maak nie.

- Die Afrikaner se volkswees sal net deur stryd heen gehandhaaf kan word. Die gees van die Babelse toringbouers is steeds aan die werk in die wêreld. Die haat wat met die sondeval losgelaat is in die wêreld, wat broer teen broer opstel, raak ons ook. Destruktiewe magte werk nie net van buite nie, maar ook van binne die volk om die Afrikaner te vernietig. Ons kan en mag hierdie stryd nie ontsnap nie.

- Christus het in sy reddende genade nie die Afrikanervolk verbygegaan nie. In die bedding van dié volk vloei die helder, sterk stroom van die kerk ook. Dit moet ons tot dankbaarheid stem dat die Afrikanervolk in sy gelowiges deel is van die Nuwe Testamentiese Godsvolk.


- Die Afrikanervolk moet gelei word om 'n volk vir God te wees. Dit beteken dat die Afrikanervolk die fokus van die kerk se besondere bemoeiing moet wees. Afrikanerskap moet dus binne die Goddelike koninkryksperspektief gesien word. Om Afrikaner te wees is nie ons hoogste doel nie, maar om as Afrikaner die Here te dien. 

Christelike onderwysopleiding

Onderwysstudente wat by AROS (Aksie Reformatoriese Onderwysstudie) registreer, asook andere van buite wat vir die bogemelde kursus inskryf, behaal 'n besondere onderskeiding. Dit behels ondermeer dat hulle die kursus in Christelike onderwys, wat verlede jaar gesamentlik deur die VCHO en AROS ontwikkel is, deurloop, om vir verrykingsonderwys voorsiening te maak. Enige voornemende en diensdoenende onderwyser kan trouens daarvoor in aanmerking kom. Studente wat die kursus slaag, ontvang die sertifikaat soos hiernaas afgebeeld. Vanjaar ontvang reeds sowat dertig studente die sertifikaat waarin aangedui word dat hulle opgelei is om Christelike onderwys te kan aanbied. Tans regi-



streer meer as 'n honderd studente jaarliks vir onderwysstudie by AROS. Vir onderwysers wat om betrekking aansoek doen, dien die sertifikaat as 'n bykomende aanbeveling, betreffende hulle gekwalifiseerdheid. Alhoewel dit nog slegs 'n klein persentasie van die geheel van studente wat opleiding in Christelike onderwys moet ontvang, verteenwoordig, is dit 'n belangrike ontwikkeling in terme van die lewering van Christen-onderwysers vir Suid-Afrika, wat groot belofte van volgehoue groei inhou. Voornemende onderwysers, asook dié wat reeds in die onderwys staan, kan AROS by die volgende tel. nr skakel om vir die kursus in te skryf: 012- 332 3227/8.



Die Groote Kerk in Kaapstad. Die Hugonote het direk bygedra tot die vestiging van die gereformeerde Protestantisme aan die Kaap die Goeie Hoop.

Kongresreferente



Dr. A.L.A. Buys



Dr. H.D. Mouton



Dr. H.G. Stoker

Registrasievorm vir VCHO-kongres

1. Van:
2. Voorletters: Noemnaam:
3. Adres: 4 Tel.nr:
..... Faksnr:
..... Sel.nr:
Poskode: E-pos:
- 5 Is u lid van die VCHO? Ja/ Nee
6. Registrasiegelde: R50 per persoon. Aan studente word 'n toegewing gemaak.
Bankbesonderhede: ABSA Bank, Loch Logan, Bloemfontein
Tjekrekeningnr: 470-910-011
Takkode: 632005

Faks registrasievorm en bewys van inbetaling na: 051- 522 4513
Navrae: Tel.nr: 051- 525 2341/ 2267

Kongresdatum

Lede en vriende se aandag word daarop gevestig dat ons vroeër-aangekondigde kongresdatum, weens onvermydelike omstandighede, uitgestel moes word. Die rede daarvoor is dat dit met 'n ander belangrike Calvin-kongres, waarvan die datum in daardie stadium reeds bepaal was, sou bots. Die kongres sal nou DV op 29 Augustus, te Potchefstroom, plaasvind. Die kongresprogram vind u in hierdie uitgawe. Ons bied verskoning aan vir enige ongerief wat die verskuiwing tot gevolg mag hê.

VCHO 60 jaar oud

Ons Vereniging haal vanjaar die rype jaartal van 60 jaar en dit is 'n geleentheid om ons dankbaarheid teenoor die Here uit te spreek; wat ons tot hiertoe in staat gestel het om met ons roeping in Sy Koninkryk besig te kon wees. Ons dank Hom vir soveel geseënde jare, waarin die VCHO 'n beskeie bydrae tot die bevordering van Christelike onderwys kon maak, in die volle besef van ons totale afhanklikheid van Hom. Ons wil hierdie dank graag in die woorde van Psalm 116:12-14 uitdruk: "Wat sal ek die HERE vergeld vir al sy weldade aan my? Ek sal die beker van verlossing opneem en die Naam van die HERE aanroep. My geloftes sal ek aan die HERE betaal in die teenwoordigheid van sy ganse volk."

HOOFBESTUUR

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C. Bester
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom,
Ondervoorsitter), Ds S. le Cornu (Carl-
tonville), Ds G. van Heerden (De Deur),
Prof R. Marè (Pretoria), Prof I.H. Horn
(Pretoria), Ds G. Opperman (Brits), Dr
H.G. Stoker (Pretoria), Prof E.J. van
Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H. Hefer
(Brakpan), F.A. van Deventer (Pretoria),
Prof J.A.E. Adendorff (Germiston),
Ds J.J. Viljoen (Pretoria), en dr
A.L.A. Buys (Pretoria).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes